

Die Pad Saam

GRATIS

Uitgawe 56 • Augustus 2019 | September 2019

Die regte rywydte en plantpopulasie-kombinasie op sojabone

Ooreetsiekte

by koeie kan waardevolle diere eis

Veegesondheidsplan vir elke rooivleisprodusent

Daar is geld in varkboerdery

Binne!



Die Lig op jou pad deur pastoor Kallie Kriel



Vang bietjie "SHAPE"

So met die somer wat op pad is, is dit maar net so dat 'n mens die behoefte het om weer so 'n bietjie in "SHAPE" te kom.

Vir dié wat baie onfiks is, is dit 'n vreesaanjaende gedagte van die pyn wat op jou wag. Die miltsteek-idee laat baie weer terugklim in die bed en ou gewoontes. Ons almal weet dat dit nodig is om na onself om te sien, maar min het genoeg moed en spoed daarvoor. Die geheim is natuurlik om rustig te begin en stelselmatig te verbeter.

Hierdie beginsel werk op baie vlakke van ons bestaan. Soms wil mense te groot happe vat om net te verstik en op te hou. Klein sekere stappies vat mens na groot verbeterings en nie teleurstellings toe nie.

Ek gaan nie vir jou 'n oefenprogram gee nie, omdat alle oefening... Al werk sommiges beter as ander. Dit moet net gedoen word. Die beste een waarvan ek weet is: "Eat less, move more." Mens hoef nie 'n spesiale dieet te volg nie. As jy die suiker en stysel net bietjie sny en meer aktief raak, sal jy vanself beter "SHAPE" kry.

Na alles is jou sielsgaestelike "SHAPE" meer belangrik, soos in 1 Timoteus 4:8, en sal dit selfs 'n uitwerking in jou fisiese "SHAPE" hê. Daar word mos gesê dat 'n gesonde liggaam 'n gesonde gees huisves, maar ek sê dat 'n gesonde gees die gesonde hart van 'n gesonde liggaam is. In 3 Johannes vers 3 lees ons dat Johannes vir Gaius bid dat dit in alle opsigte met hom goed sal gaan en dat hy net so gesond sal wees soos dit geestelik goed met hom gaan.

Die lewe het 'n manier om ons met tye te oorweldig met dinge wat soms handuit ruk en ons gedagtes en verhoudings misvorm. Ons het nodig om weer in "SHAPE" te kom, soos wat jou liggaam dalk weer bietjie ferm moet word ná die lang winter van lekker eet en snoesig wees.

In die Bybel leer ons ook dat hande slap word, knieë knak en ledemate lam word en ingee as die reguit pad nie gehardloop word nie soos in Hebreërs 12:12-13. Dit praat van 'n eerlike, oop en gedissiplineerde lewe wat sal veroorsaak dat ons versterk sal word. Dit is wonderlik om die goeie Nuus oor Jesus ook in dié lig te aanskou. In Getsemané het Hy ook oorweldig gevoel, maar alles oorgegee aan Sy Vader se wil. Ten spyte van die feit dat Sy sweet selfs bloed geword het, het God die angsk van die dood weggeneem volgens Hebreërs 5:7 en Lukas 22:44. Volgens Jes 52:14 sou Hy so misvorm word dat Hy onherkenbaar sou wees. In 1 Petrus 2:24 lees ons dat ons deur Sy wonde genees is.

Alles beteken aan die einde dat ons in Jesus Christus herstel kan word, met ander woorde weer vorm kry, en in "SHAPE" kan kom. Jesus het alles deurgegaan sodat ons krag kan ontvang as ons oorweldig voel. As dinge hand uitruk soos toe Jesus gemartel is, kan ons steeds die reguit pad loop.


Die Here gee ons "SHAPE": Die S-staan vir Spesiale Gawes. Die H-staan vir jou hart, belangstellings en passie vir die lewe. A-staan vir jou "abilities" of vaardighede en talente. Die P-staan vir jou persoonlikheid en die E-staan vir jou ervarings. Ons kan regtig alles in ons lewe wat uit beheer raak en uit "SHAPE" raak na die Here toe bring met vrymoedigheid. Doen dit vandag nog in gebed en beleef die herstel.

Amen!



INHOUD

27-30



Daar is geld in varkboerdery

15-17

Is steenkool oppad uit?

Uitgewer:
VKB en NTK

Redakteur:
Hannelie Cronjé
Posbus 100
Reitz 9810
Tel. 058 863 8223
hanneliec@vkb.co.za

Eindredakteur:
Koos Janse van Rensburg

Ontwerp en Uitleg:
Ryno Steyn (VKB)

Taalversorging:
Lize Mulder

Druk:
Oranje Drukkers, Senekal

Advertensies:
Hannelie Cronjé (VKB)
hanneliec@vkb.co.za
Sel. 083 303 6117

Alle regte van Die Pad Saam word voorbehou ingevolge Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg. Die eienaar en uitgewer aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige uitlatings deur skrywers of medewerkers nie.

Vkb beskik oor 'n kliëntedienssentrum wat bestuur word deur die groep se skakelbeampte, me. Anelie Swemmer. Kontak haar gerus by **058 863 8277** of per e-pos by **aswem@vkb.co.za**

- 2 Die Lig op jou pad: Vang bietjie "SHAPE"
- 4 Voorwoord: Welkom by die 21ste eeu
- 6 Standard Bank span kragte saam met regering, universiteit vir transformasie in landbou
- 8-9 Die regte rywydte en plantpopulasiekombinasie op sojabone
- 10-11 Bestuursuitdagings vir moderne boerderyondernemings: Deel 3 - Doelwitstelling
- 12-13 Die drie mikro-elemente swael, boor en sink wat 'n makro-impak op sojaboonopbrengs het met spesiale verwysing na swael
- 14 Wat jy alles moet weet van Sclerotinia op sojabone
- 15-17 Is steenkool oppad uit?
- 18-19 Jong boer deel praktiese veiligheidwenke
- 20-21 Wat moet ek weet as ek 'n dam wil bou?
- 22-24 Wat moet ek weet van waterregte?
- 27-30 Daar is geld in varkboerdery
- 32-33 Ooreetsiekte by koeie kan waardevolle diere eis
- 34-35 Gousiekte is soos sluipmoordenaar onder vee
- 36-37 Veegesondheidsplan vir elke rooivleisprodusent
- 38 Maak stil daai hond wat so blaf!
- 40-43 Vye maak 'n welkome terugkeer tot die kostafel
- 44-45 Lentedepressie is nie net jou verbeelding nie
- 47-49 Nuus
- 50-51 Meganisasie: Gebruikte Goedere

34-35



Gousiekte is soos sluipmoordenaar onder vee

40-43



Vye maak 'n welkome terugkeer tot die kostafel

INSETVERSKAFFING

2019

Agricol
Capestone Seed
Sensako
Pioneer
Sasol
Pannar
Omnia
United Seeds

www.vkb.co.za | Vir die LERDE van die LAND

vkb

20-24



Wat moet ek weet as ek 'n dam wil bou?

Wat moet ek weet van waterregte?

WELKOM BY DIE 21ste EEU



Ek het hierdie volgende boodskap nou onlangs raakgelees en met skok besef hoeveel waarheid daarin steek.

Welkom by die 21ste eeu.

- *Hier is seks gratis en liefde het 'n sak vol geld geword.*
- *Hier is dit veel erger om jou selfoon te verloor as jou waardes.*
- *Hier is rook en drink die mode en as jy nie meedoen nie, is jy verouderd.*
- *Hier is die badkamer 'n fotostudio en die kerk 'n plek waar jy deur Facebook "in check".*
- *In die 21ste eeu is mans en vroue banger vir swangerskap as vir MIV.*
- *Hier is die pizza-afleweraar vinniger by jou huis as 'n ambulans.*
- *Hier sterf mense van vrees vir terroriste en misdadigers eerder as wat hulle Godvresend is.*
- *Hier bepaal klere die waarde van 'n persoon en om geld te hê is belangriker as vriende of selfs familie.*
- *Hier sal kinders hul ouers verloën en vir hul virtuele liefde verlaat.*
- *Hier vergeet ouers om hul gesin om die tafel sit te maak vir 'n gesellige ete waar daar oor die dag en die lewe gesels word, want hulle is op hul selfone besig of sit en werk.*
- *Hier wil mans en vroue dikwels net verhoudings sonder verpligting hê en hul enigste "toewyding" of "verbintenis" is om saam vir foto's te poseer en op sosialemedianetwerke hul ewigdurende liefde te verklaar.*
- *Hier word liefde 'n openbare ding of 'n speletjie.*
- *Hier is die een wat die meeste foto's op lekker plekke op die netwerke deel waar hulle deur leë vriendskappe en onsekere liefdes omring word, die gewildste een met die meeste volgelinge.*
- *Hier vergeet mense om na hul siel om te sien en maak hulle afgode van hul liggame.*
- *Hier is die perfekte lyf van meer waarde as 'n universiteitsgraad.*
- *Hier is 'n foto van iemand in 'n gimnasium baie gewilder as 'n foto van iemand wat 'n goeie daad verrig.*
- *Hier word jy net geag as jy die lewenspel met 'n plan speel en word jy geminag as jy iets uit die goedheid van jou hart doen.*

Dit laat 'n mens diep dink oor die lewe wat ons aanhang terwyl ons kla oor hoe dinge uitmekaar val. Ons praat graag van "die goeie ou dae", maar wat doen ons om daardie tyd lewend te hou? Sit ons saans nog as gesin en saam eet? Gaan ons nog as gesin saam kerk toe? Hou ons saam huisgodsdienste? Bid ons nog voor ete of het die tafelgebed net iets geword wat tydens formele geleenthede uitgehaal word? Watter voorbeeld stel ons vir ons kinders? En watter voorbeeld stel ons gesin vir die wêreld en in ons gemeenskap?

Tot hoe ver gaan vooruitgang strek voordat dit vernietiging gaan word?

Tot volgende keer

Hannelie

100 2019 **J A A R**
van LIEFDE vir die LAND

Ons kyk terug op 100 jaar van nostalgie, foto's, feite en stories oor VKB se geskiedenis vasgevang in 'n boek. Kom beleef saam met ons die pad wat VKB saam met boere deur 'n eeu gestap het en deel in die vreugde van en dankbaarheid oor waar ons nou staan.

**BINNEKORT BESKIKBAAR
BY JOU NAASTE
HANDELSTAK**

VKB Hoofkantoor • President CR Swartstraat 31, Reitz, 9810
Tel. 087 358 8111 • www.vkb.co.za

'n Boerderyversekeraar sonder wolhaarstories

As die leier in korttermynversekering vir oor 100 jaar verstaan Santam die boerderybedryf. Daarom verseker ons alles van jou vee en oeste tot jou persoonlike en boerderybates onder een sambreel. **Santam. Regte, egte versekering.**

Bel jou makelaar of gaan na www.santam.co.za/products/agriculture vir meer inligting.

santam
landbou

Santam is 'n gemagtigde finansiële-diensverskaffer (lisensienommer 3416).

Standard Bank span kragte saam met regering, universiteit vir transformasie in landbou



'n Vyfjaarprogram met vele aspekte wat die regering, die akademiese wêreld en die privaatsektor se finansiële kundigheid byeenbring, is in die Vrystaat bekendgestel. Die program se mikpunt is om die lewering van kritieke vaardighede aan swart boere wat by die produksie van gewasse en vee betrokke is, te bevorder. Die program, wat beskou word as die eerste van sy soort wat in die land bekendgestel word, word befonds deur Standard Bank en gesteun deur die fakulteite van landbou en entrepreneursontwikkeling by die Universiteit van die Vrystaat (UV), en fokus op boere wat deur die Vrystaatse departement van landbou en landelike ontwikkeling geïdentifiseer en ondersteun word.

In 'n unieke benadering tot transformasie en ontwikkeling is kommersiële boere betrokke by primêre en sekondêre landbou wat toelaes van die departement van landbou ontvang, die geleentheid gebied om hul vaardighede beide op en van hul plase af, te ontwikkel, sê Nico Groenewald, hoof van Agribesigheid by Standard Bank.

"Die doelwit van die program is om te verseker dat boere wat finansiële hulp ontvang, selfonderhoudend word tot op die punt waar hulle by die tradisionele banksektor kan aanklop om befonding om hul bedrywighede uit te brei."

"Die UV het verskeie modules ontwerp wat huidige swakpunte, wat die boere se vermoë kniehalter om lewensonderhoudende kommersiële entrepreneurs te word, aanspreek. Die Agribesigheid Transformasie-program ("Agribusiness Transformation Programme") is daarop gemik om 'n impak te hê op 60 boere betrokke by primêre landbou en 15 in sekondêre landbou – werksaamhede wat die prosessering van uitsette vanaf gekontrakteerde boere, kleinskaalse malery, die bedryf van voerhokke en soortgelyke werksaamhede insluit," voeg Diale Mokgojwa, senior bestuurder vir ondernemingsontwikkeling by Standard Bank, by.

"Die projek word gesien as 'n wegspringplek tot verhoogde betrokkenheid in landbou reg oor die land. Die plan is om landbou se 'verlore middel' te vul en kleinskaalse boere in staat te stel om selfonderhoudende kommersiële ondernemings te word wat die potensiaal het om verder te groei. Daar is tans 'n skaarste aan hierdie mediumgrootte bedrywe in Suid-Afrikaanse landbou," sê Mokgojwa.

Die faktor wat hierdie program selfs meer relevant maak, is die feit dat deelnemers in Vrystaatse landboubedrywighede al ouer word, die aantal mense wat die sektor betree al minder word, en dat voedselsekerheid primêr staatmaak op die produksie van groot kommersiële landbouondernemings. "Die ontwikkeling van hierdie sektor en die skepping van mediumgrootte ondernemings is dus van kardinale belang vir die toekoms van voedselproduksie in Suid-Afrika," sê Groenewald.

Sodra die welslae in die Vrystaat gemeet is, is die voorneme om die program ook in ander provinsies bekend te stel. Provinsies wat geormerk is, is die Noord- en Oos-Kaap. Tot op datum het 25 boere die keuringsproses onder toesig van die universiteit deurloop. Soos wat die program vorder, sal hulle vaardighedsopleiding en die praktiese steun op hul plaas ontvang – 'n proses wat hulle in staat sal stel om wat hulle geleer het, toe te pas en te toets in 'n 'lewende' situasie. Spesiaal gekeurde mentors sal saam met die boere werk om die operasionele gapings in hul dag-tot-dag-bedrywighede te identifiseer en te vul. Dit kan wissel van finansiële en administratiewe vaardighede tot gewas- en veeproduksie.

"Die program is uniek in die opsig dat dit 'van-begin-tot-einde-ondersteuning' bied. In plaas daarvan dat die boer 'n bietjie opleiding kry en dan aan sy eie lot oorgelaat word, kan hy boer met die seker wete dat raad altyd byderhand is. Hy kan die nodige ondervinding opdoen om sy vaardighede uit te brei tot die punt waar hy 'n onafhanklike boer vol vertroue is," sê Groenewald.



Jou moed

kweek

sukses

Ons agribesigheid span is nie alleen bankiers nie, maar inderdaad kenners van hierdie dinamiese sektor. Ons bied toegang tot bedryfskapitaal, asook die buigsaamheid wat jy nodig het om jou besigheid te bestuur.

Vir meer inligting, besoek www.standardbank.co.za/business

YOU'RE GOOD TO GO.

Standard Bank Voluit Vorentoe™

Die regte rywydte en plantpopulasie-kombinasie op sojabone

deur Jacques van Zyl, junior landboukundige VKB

Sojaboonproduksie het in die afgelope paar jaar drasties gegroei in die Vrystaat, maar die gemiddelde opbrengs in nog onder 1,8 ton/ha. Daar is wel enkele leierboere met jaarlikse opbrengste van bo 3 ton/ha, maar dié is in die minderheid. Die vraag ontstaan egter dadelik hoe kan opbrengste verhoog word? Deur slegs te kyk na twee bestuurspraktyke, naamlik rywydte en plantpopulasie en die regte kombinasie daarvan kan dit 'n betekenisvolle verhoging in opbrengs tot gevolg hê. Hierdie artikel berig oor die optimale plantpopulasies by sekere rywydtes, en hoe dit vergelyk met die afgelope seisoen se navorsing gedoen op rywydtes en plantpopulasies in die VKB-gebied.

Sojabone het die vermoë om min of meer dieselfde opbrengs te produseer oor 'n wye reeks plantpopulasies. Die rede hiervoor is dat sojabone oor 'n uitstekende kompenservermoë beskik. Sojabone besit die vermoë om produksie van sytakke en peule te reguleer afhange van die beskikbare spasie vir ontwikkeling. Sojaboonplante sal teen hoë plantpopulasies meer regop ontwikkel met minder sytakke en peule per plant, waar sojaboonplante teen laer plantpopulasies meer bosagtig sal ontwikkel met meer sytakke en peule per plant.

Die aanpassing van rywydtes na nouer rye is die een bestuurspraktyk wat opbrengspotensiaal van sojabone drasties verhoog volgens studies wat wêreldwyd asook in die VKB-area self gedoen is. Die rede hiervoor: nouer rywydtes onderskep vroeër in die seisoen meer lig omdat die blaredak vinniger toemaak as by wyer rywydtes. Nouer rye onderdruk ook die opkoms en ontwikkeling van onkruid vinniger en verlaag verdamping vanaf die grond as gevolg van die skadu-effek van die vinniger vormende blaredak. Nouer rywydtes verlaag ook die binnery-kompetisie tussen plante vir water, voedingstowwe en sonlig.

Met verskillende rywydtes is die vraag wat is die optimale plantpopulasie vir 'n bepaalde rywydte? Volgens Wessel van Wyk verskil die optimale plantpopulasie vir elke rywydte (Tabel 1). Van Wyk het die tabel opgestel ná jare lange proewe om die boer te help in die aanpassing van plantpopulasies vir 'n bepaalde rywydte. Van Wyk se aanbeveling is dat daar nie meer as 30 sade per lopende meter moet wees nie, anders is die binnery-kompetisie tussen plante net te veel. Hy sê ook sade van 10 cm en verder tussen mekaar sal lei tot swak opkoms.

Tabel 1. Optimale plantpopulasies vir verskillende rywydtes

	Plantpopulasie Aantal sade per meter; (Afstand tussen sade in cm)					
Rywydte	150 000	200 000	300 000	400 000	500 000	600 000
0,38 m	6 (16,6)	8 (12,5)	11 (9,1)	16 (6,25)	19 (5,3)	23 (4,38)
0,45 m	7 (14,3)	9 (11,1)	14 (7,14)	18 (5,55)	23 (3,70)	27 (3,70)
0,525 m	8 (12,5)	11 (9,1)	16 (6,25)	22 (4,35)	26 (3,85)	32 (3,13)
0,60 m	9 (11,1)	12 (8,33)	18 (5,55)	24 (4,17)	30 (3,33)	36 (2,78)
0,76 m	11 (9,1)	15 (6,67)	23 (4,35)	30 (3,33)	38 (2,63)	46 (2,17)
0,90 m	14 (7,14)	18 (5,55)	27 (3,70)	36 (2,77)	45 (2,22)	54 (1,85)

Plantpopulasie
Aantal sade per meter; (Afstand tussen sade in cm)
Die aantal sade per lopende meter moet verkieslik nie meer wees as 30 nie en nie minder as 10 nie. Sade nader as 3 cm van mekaar veroorsaak te veel binnery-kompetisie en verder as 12,5 cm sal nie behoorlik opkom nie
Rywydte bepaal dus keuse van plantdigtheid

LEGENDE

<div style="display: flex; justify-content: space-around; align-items: center;"> <div style="border: 1px solid black; width: 30px; height: 15px; background-color: green; margin-right: 5px;"></div> AANBEVEEL </div> <div style="display: flex; justify-content: space-around; align-items: center; margin-top: 5px;"> <div style="border: 1px solid black; width: 30px; height: 15px; background-color: yellow; margin-right: 5px;"></div> PROBLEEM NIE </div>	<div style="display: flex; justify-content: space-around; align-items: center;"> <div style="border: 1px solid black; width: 30px; height: 15px; background-color: blue; margin-right: 5px;"></div> MAKSIMUM/MINIMUM </div> <div style="display: flex; justify-content: space-around; align-items: center; margin-top: 5px;"> <div style="border: 1px solid black; width: 30px; height: 15px; background-color: red; margin-right: 5px;"></div> AANBEVEEL </div>
--	--

Die afgelope drie jaar het VKB 'n verskeidenheid sojaboonproewe by verskillende lokaliteite binne die VKB-area gedoen. Rywydte in kombinasie met plantpopulasie-, groeiklas- en plantdatumproewe toon al vir drie jaar dat nouer rywydtes hoër opbrengste lewer (Figuur 1). Die noue rywydtes in die proewe het gewissel tussen 0,30 m, 0,38 m en 0,455 m en die wyer rye 0,60 m, 0,78 m en 0,91 m. Nouer rywydtes het oor die drie jaar gemiddeld tussen 300 en 500 kg/ha beter presteer oor 'n wye reeks plantpopulasies en groeiklasse. Opbrengste oor 'n wye reeks plantpopulasies van 150 000, 200 000, 300 000, 400 000, 500 000 en 600 000 plante/ha het ook redelik konstant gebly (Figuur 1). Die vraag is egter, is dit nodig om sojabone teen sulke hoë plantpopulasies te plant?




Fig 1. Gemiddelde sojaboonopbrengs vir verskillende groeiklasse en rywydtes van die laaste 3 jaar

Die inligting toon in Tabel 1 aan dat plantpopulasies van tussen 400 000 en 600 000 plante/ha vir rywydtes 0,38 m tot 0,525 m aanbeveel word. Daar moet egter ook na die ekonomie gekyk word in terme van saadkoste en ook na die afgelope drie jaar se resultate dat laer plantpopulasies van tussen 200 000 en 300 000 plante/ha soortgelyke opbrengste gelever het as die hoër plantpopulasies. Vir die wyer rye van 0,60 m, 0,76 m en 0,90 m is die aanbevole plantpopulasies tussen 200 000 en 300 000 plante/ha wat ooreenstem met die proefresultate van VKB. Met alles in ag geneem, blyk dit dat plantpopulasies tussen 200 000 en 300 000 plante/ha vir al die rywydtes, veral in die VKB-area, die aanbevole plantpopulasie is vir optimale opbrengs. Dit is egter baie belangrik dat boere hierdie tipe proewe en met hul eie kultivars doen op hul eie plaas om sodoende die mees geskikte rywydte/plantpopulasie-kombinasie te identifiseer.

Die doel van hierdie artikel is egter nie om die boer te oorreed om 'n nou-rywydte-planter te gaan koop nie, maar eerder uit te wys wat moontlik is om opbrengste te verhoog, asook die klem te lê op die regte keuse van plantpopulasies vir die gegewe rywydte wat 'n boer op die plaas gebruik. 'n Artikel oor die resultate van VKB se proewe met 'n ekonomiese ontleding volg.



Bronnelys/erkenning aan: Wen so meer sojabone. Wessel van Wyk. Landbouweekblad

Bestuursuitdagings vir moderne boerderyondernemings

Deel 3: Doelwitstelling

deur dr. Andries Radley, Landbou-ekoonom, VKB Landbou-ontwikkeling


Inleiding

Een van die belangrikste take van die bestuurder van 'n boerderyonderneming is die stel van doelwitte.

Dit is belangrik vir enige onderneming om periodiek te kyk na korttermyn-, drie-, vier- of vyfjaar-doelwitte. Dit gee die onderneming vanself 'n bestaansrede, gee vir al die betrokkenes in die onderneming 'n gemeenskaplike doel en minimiseer die risiko om nie te fokus op wat bereik wil word nie (Giles & Stansfield, 1980).

Doelwitstelling is moeilik aangesien dit ontwykend en gekompliseerd is, altyd weg van jou beweeg, altyd konflikerende standpunte en gedagtes behels en dikwels pogings om presies te wees verongeluk – veral in die landbou waar klimaatsfaktore 'n groot impak op die besigheid se prestasie het. Nogtans bly dit waar dat: "If you don't know where you are going, any road will take you there" (Boelje & Eidman, 1984).

In Figuur 1 word 'n skematiese voorstelling gegee van die bestuursproses wat aantoon dat suksesvolle bestuur behoort te begin by doelwitstelling.



Kern van doelwitstelling

Ooreengekome langtermyn-doelwitte wat gekwantifiseer is, maak korttermyn-prestasiedoelwitte regtig betekenisvol. Doelwitstelling is 'n moeilike taak en sluit in: gereelde besprekings deur 'n klein bestuurspan, bespreking van die eksterne omgewing en geleenthede, ontleding van die beskikbaarheid van hulpbronne en beperkinge daarvan, duidelike verklarings oor langtermyn-doelwitte en planne oor die korttermyn om daar te kom, aanvaarding van die prestasievlakke om dit te bereik, kwantifisering van die planne en identifisering van sleutelresultate, 'n toepaslike beheerstelsel om die vordering te monitor en 'n bereidwilligheid om die planne te oorweeg en aan te pas soos die tyd verloop en werklike resultate beskikbaar word (Giles & Stansfield, 1980).

Die regte benadering is om spesifieke redelik formele vergaderings te hou met doelwitstelling as die enigste punt op die agenda. Die vorm van die vergadering en die persone wat die vergadering bywoon sal wissel in ooreenstemming met die grootte en kompleksiteit van die boerderyonderneming. In 'n klein familieboerdery mag dit slegs die boer en sy vrou wees, terwyl in 'n groot boerderymaatskappy sal die direkteure plus die senior bestuurders betrek word en soms eksterne konsultante vir 'n deel van die vergadering. Meer as een vergadering sal gewoonlik nodig wees ten einde ooreenstemming te bereik oor die lys van verskillende doelwitte en wanneer dit bereik moet word.

Voordele van doelwitstelling

Vandag is dit nie meer so maklik om te bepaal waar begin 'n groot boerderyonderneming en waar eindig die boerderyonderneming nie. Dit maak dit belangrik om 'n breë spektrum van moontlikhede te oorweeg, die onbelangrike en onpraktiese alternatiewe uit te skakel en te konsentreer op die belangrike aktiwiteite se sleutelprestasie-areas. Die volgende aspekte wat geëvalueer word in die proses van doelwitstelling het bepaalde voordele ten opsigte van die duidelikheid en kwaliteit van doelwitte wat gestel word.

Die besigheid

Alles bou op die antwoorde van vrae soos: wat is ons besigheid, wie is ons kliënte, watter skaal en tipe boerdery sal ons graag bestuur en die tipe opbrengste wat bereik moet word.

Hulpbronne

'n Deeglike beoordeling van die beskikbare hulpbronne is die hart van enige toekomsbeplanning. Grond, arbeid en kapitaal is almal beskikbaar in beperkte hoeveelhede en is gewoonlik nie homogeen in karakter nie. Dit bepaal wat is moontlik en wat is nie moontlik nie. Die potensiaal daarvan en alternatiewe toepassings moet nie geringgeskat word nie.

Persoonlikhede

Elke bestuurder is 'n baie belangrike deel van die beskikbare hulpbronne. Bestuurders beïnvloed die effektiwiteit van alle ander werknemers en die algemene gedrag in die boerderyonderneming. Elke bestuurder se persoonlike doelwitte en ambisie asook sy talente en beperkings is belangrik om realistiese en haalbare doelwitte vir die boerderyonderneming te stel.

Eksterne omgewing

Die eksterne omgewing waarin 'n boerderyonderneming bedryf word, is dikwels moeiliker as die interne omgewing om te evalueer wanneer doelwitte gestel word. Dit behels faktore nasionaal en internasionaal wat hoofsaaklik ekonomiese en politieke faktore is. Boerderybestuurders moet ingelig wees deur middel van om te lees, te luister en deelname aan

besprekings wat die doelwitstelling in die boerderyonderneming sal beïnvloed (Giles & Stansfield, 1980).

Kompleksiteit van doelwitstelling

Dit is moeilik om doelwitte vir 'n boerderyonderneming te stel omdat sake onseker en onvoorspelbaar is. Verder verg dit tyd om behoorlike doelwitte vir die boerderyonderneming daar te stel (Van Reenen & Davel, 1986).

Konflik tussen doelwitte van verskillende tydspanne

Konflik bestaan tussen korttermyn- en langtermyn doelwitte. Korttermyn is 'n jaar of twee, terwyl langtermyn drie- tot vyfjaar doelwitte is. Soms sal daar konflik wees om vinniger vordering te maak ten opsigte van die langtermyn doelwitte en die noodsaaklikheid om aandag te gee aan die onmiddellike korttermyn doelwitte en probleme. Gewoonlik is die konflik tussen beskikbare tyd en kapitaal waaraan nie ontsnap kan word nie, en hang af van die aard van die besigheid en die sektor waarin die besigheid opereer.

Balans tussen besigheid- en persoonlike doelwitte

Die boerderyonderneming is vir die eienaarboer en familieboerderye 'n beroep sowel as 'n lewenswyse. Die algemene doelwitte van hierdie boerderye kan in breë trekke omskryf word as 'n strewe na die hoogs moontlike winsgewendheid met die voorbehoud dat dit nie ten koste van 'n gelukkige huishouding en leefwyse geskied nie. Persoonlike doelwitte moet self deur die boer bepaal word (Van Reenen & Davel, 1986).

Verskil tussen beplanning en werklikheid

Om doelwitte te stel is baie belangrik, maar die feit dat doelwitte gestel is, is die beginpunt. Dikwels word doelwitte as gevolg van verskillende redes nie bereik nie. Die belangrikste hiervan is om teleurstelling om te sit in lesse geleer en aanpassings te maak indien nodig.

Die vraag van tyd

Doelwitstelling neem tyd in beslag aangesien dit nie 'n eenvoudige taak is nie. Dit is duidelik dat doelwitstelling 'n bestuursbenadering is wat tyd in beslag neem oor 'n periode van tyd. Gewoonlik is 'n paar sessies van 'n paar uur elk nodig om doelwitstelling behoorlik te doen – terwyl die boerderyonderneming tegelykertyd hanteer moet word. Veranderinge in die interne en eksterne omgewing kan dit selfs noodsaak dat die proses van doelwitstelling weer gedoen moet word (Giles & Stansfield, 1980).

Oorhoofse doelwitte

Voorbeelde van doelwitte vir 'n boerderyonderneming voor die kwantifisering daarvan, is volgens Boelje & Eidman (1984):

- **Om wins of opbrengs op kapitaalbelegging te maksimeer**
Ten einde die grootste moontlike netto opbrengs te behaal is gewoonlik die primêre doel van die eienaars van boerderyondernemings (Figuur 1). In die boerderyonderneming is die maksimering van netto boerdery-inkomste en die opbrengs op kapitaalbelegging oor 'n periode van 'n paar jaar (byvoorbeeld vyf jaar) meer aanvaarbaar as om 'n hoë netto boerdery-inkomste en opbrengs op kapitaalbelegging te behaal gevolg deur baie laer realisasies in opvolgende jare.
- **Om die nettowaarde te verhoog oor 'n spesifieke tydperk**
Die verhoging van netto waarde (Bates minus Laste) is as doelwit 'n groot motiveerder vir baie eienaars van boerderyondernemings. Hierdie doelwit beïnvloed die investering en produksiebesluite van bestuurders asook die styl waarmee die boerderyonderneming bedryf en bestuur word. Selfs die beperking op lewenskoste word

teruggeploeg in die boerderyonderneming ten einde die doelwit te bereik.

- **Om 'n groter besigheid te beheer**
Skaalvoordele maak die beheer van 'n groter boerderyonderneming 'n belangrike doelwit vir bestuurders. Die beheer van 'n groter boerderyonderneming in hektare, aantal beeste en skape, ensovoorts is, 'n manier om die oorhoofse koste te versprei en gemiddelde produksiekoste te verlaag. Plek vir ander familieleden om in die boerderyonderneming toe te tree, is ook belangrik. Status is ook hieraan gekoppel.
- **Om risiko te verminder deur lae opbrengs teen verliese te minimaliseer**
Die vermindering van risiko in die boerderyonderneming en om 'n volhoubaar winsgewende boerderyonderneming te bedryf, is belangrike doelwitte. Bestuurders van boerderyondernemings sal nie sommer besluite neem wat hul oorlewingsvermoë in gevaar sal stel nie en is ingestel op diversifikasie, finansiële reserwes en ander aksies wat moontlike verliese minimaliseer.
- **Om die leningsbehoefte te verminder**
Bestuurders van boerderyondernemings is deeglik bewus van die produktiwiteit van en behoefte aan geleende kapitaal, maar neem krediet versigtig op as gevolg van hoë rentekoerse en laer kommoditeitspryse in die verlede.
- **Om die lewenstandaard van die familie te verhoog**
Ten einde netto inkomste en netto waarde te verhoog is geld beskikbaar om die familie se lewenstandaard te verhoog. Kennis moet egter geneem word van die konflik tussen 'n hoër lewenstandaard en geld beskikbaar vir herinvestering in die boerderyonderneming.
- **Om tyd vir ontspanning van die familie beter te bestuur**
Dit kan 'n belangrike doelwit wees van jonger boere om tyd saam met hul gesinne te spandeer en vir ouer boere om die vrug van jare se arbeid te geniet. Genoegsame ontspanningstyd kan selfs 'n verhoging in die effektiwiteit van die boerderybestuurder en inkomste van die boerderyonderneming tot gevolg hê.
- **Om 'n netjiese plaasopstal te hê**
'n Netjiese plaasopstal is 'n belangrike sosiale indikasie van 'n vooruitstrewende boerderyonderneming, asook 'n gerespekteerde bestuurder met aansien in die gemeenskap.
- **Om gemeenskapsdiens te verrig**
Verskillende bestuurders het verskillende prioriteite en doelwitte rakende die gemeenskap. Die begeerte om die gemeenskap te dien en dit 'n beter plek te maak om in te leef mag egter opofferings impliseer wat die boerderyonderneming se inkomste kan affekteer.

Opsomming

Doelwitstelling is 'n belangrike aspek van die bestuurder se werk in die moderne boerderyonderneming, maar is moeilik om verskeie redes.

'n Noukeurige beoordeling van geleenthede is nodig asook die interne en eksterne omgewings waarin die boerderyonderneming bedryf moet word. Dit is egter nie 'n rede waarom doelwitstelling nie gedoen moet word nie.

Sukses volg nie op die stel van doelwitte nie, maar op die bereiking van goeie doelwitte!

BRONNELYS

Boelje, M.D., & Eidman, V.R., 1984. Farm management. John Wiley & Sons, Inc, Canada.

Giles, A.K. & Stansfield, J.M., 1980. The farmer as manager. George Allen & Unwin LTD, 40 Museum Street, London.

Van Reenen, M.J. & Davel, J.A.H., 1986. Boerderybestuur – 'n Sakebenadering. Macmillan (Edms.) Bpk., Suid-Afrika, Johannesburg.

Die drie mikro-elemente swael, boor en sink wat 'n makro-impak op sojaboonopbrengs het met spesiale verwysing na swael

deur JT Prinsloo, landboukundige, VKB



Inleiding

Produsente se denkwysse om sojabone as 'n afskeppgewas te behandel en te bestuur, is nie meer ekonomies volhoubaar nie, en die boer moet dieselfde bestuursaandag aan sojaboonproduksie gee as aan sy mielieproduksie om ekonomies volhoubaar met sojabone te boer. Bestuur gedurende die groeiseisoen is van kritieke belang om elke moontlike kilogram opbrengs per hektaar te oes. Bestuursbesluite gedurende die seisoen kan bydra tot die verlies of verhoging van tot 500 kg/ha opbrengs, aldus Ross Bender, agronoom van The Mosaic Company.

Omdat die klimaat en veral reënval al hoe meer onvoorspelbaar raak, is dit van uiterste belang dat die produsent die praktyke waarvoor hy beheer het, so sal bestuur dat dit nie 'n negatiewe invloed op opbrengs sal uitoefen nie. Die volgende is van deurslaggewende belang om optimale opbrengste te behaal:

- Waterbestuur (kontoere)
- Onkruidbeheer
- Plantgesondheid (gebruik van swamdoders)
- Grondgesondheid en om die betrokke gewas se bemestingsprogram so te bestuur om lande se opbrengspotensiaal ekonomies optimaal te benut.

Sojabone besit die vermoë om hul eie stikstof te bind, maar ander makro- en mikrovoedingstowwe wat in die grond voorkom of afwesig is, het 'n groot invloed op sojabone se opbrengs.

Produsente moet verseker dat daar voldoende mikro-elemente beskikbaar is vir die sojaboonplant. Die sojaboonplant benodig mikro-elemente op verskillende groeistadiums in die seisoen, en sommige mikro-elemente werk in sinergie met makro-elemente, soos byvoorbeeld swael met stikstof.

Die neem van blaarmonsters is belangrik vir ontledings bo en behalwe grondmonsters om te bepaal watter makro- en of mikro-elemente gedurende die seisoen ontbreek sodat regstellings so gou moontlik gedoen kan word, in die vorm van 'n blaarbespuiting voordat dit 'n negatiewe invloed op opbrengs het.

Swael


Swael is 'n noodsaaklike mikro-element in chlorofilontwikkeling en proteïensintese in sojaboonverbouing.

Enkele ander belangrike funksies van swael is:

- Dit word in sommige aminosure aangetref wat die boustene van proteïene is. Die meeste van die swael wat deur plante geabsorbeer word, ongeveer 90%, word vir daardie doel gebruik;
- Swael is noodsaaklik vir die vorming van chlorofil. Dit is 'n belangrike bestanddeel van een van die ensieme wat benodig word vir die vorming van die chlorofilmolekule;
- Dit is ook noodsaaklik in die sintese van olies, veral in oliegewasse soos sojabone; en
- Swael word benodig deur die rizobiumbakterieë in peulgewasse (soos sojabone) vir stikstoffiksasie.

Sonder swael kan sojabone nie genoeg stikstof bind om optimaal te produseer nie. Navorsing toon dat sojabone ongeveer net soveel swael benodig as wat hulle fosfaat, wat 'n makrovoedingstof is, benodig. Produsente moet veral daarop let dat swaeltekorte veral in sanderige gronde en gronde met minder as 2% organiese materiaalinhoud voorkom. Navorsing toon dat sojabone 20 tot 25 kg swael gedurende sy groeitydperk benodig vir optimale opbrengs. Produsente moet 'n swaelbron kies wat nie maklik loog nie sodat voldoende swael vir die hele groeiseisoen beskikbaar sal wees. Swael word in die sulfaatvorm deur plante opgeneem. Ammoniumsulfaat en gips is potensieële bronne van aanvullende swael.

In die volgende grafiek word 'n aanduiding van die opname van swael per groeistadium van 'n sojaboonplant aangetoon.



Boor kan net so maklik soos swael en stikstof loog

Boor is noodsaaklik vir die groei en gesondheid van gewasse, maar word slegs in klein hoeveelhede benodig omdat dit toksies kan raak indien te veel toegedien word, daarom is dit noodsaaklik dat boor eweredig in die lande toegedien moet word.

Enkele belangrike funksies van boor sluit die volgende in:

- Benodig vir seldeling (dit wil sê groei), selwandsintese en stuifmeelontkieming;
- Beweging van suiker of energie in groeiende dele van die plant, bestuiwing en saadset;
- Voldoende boor word ook benodig vir effektiewe stikstoffiksasie en rizobiumvorming in peulgewasse; en

- Speel 'n rol in die doeltreffende translokasie van kalsium.

Om 'n plant se boor-voedingstatus te bepaal, word aanbeveel dat die jonger blare vir monsterneming en analise gebruik word. Tipiese voldoende boorvlakke in gedroogde blaarweefsels wissel van 25 tot 60 dpm. Oor die algemeen word 'n grondtoediening van boor aanbeveel wanneer blare minder as 25 dpm boor bevat in gewasse wat 'n hoë boorvereiste het, soos sojabone en sonneblom.

Boortekort lei gewoonlik tot leë stuifmeelkorrels en verminderde aantal blomme per plant.

Sink

Sink is betrokke by ensiemstelsels wat vroeë groei reguleer en is noodsaaklik vir saad- en wortelstelselontwikkeling, fotosintese, vorming van plantgroeireguleerders en gewasstresbeskerming.

Sink is van kritieke belang in die vroeë groeistadiums van sojabone, en is 'n noodsaaklike voedingstof om chlorofil en koolhidrate te produseer. Plante wat 'n tekort aan sink het, het verkorte internodes asook dwergagtige blaargroei.

Sinkbesikbaarheid en -opname word ook deur sekere omgewings- en gewasbestuurpraktyke beperk, insluitend die volgende:

- Sinkbesikbaarheid neem af soos pH toeneem;
- Gronde wat swaar bekalk is;
- Lae grondtemperatuur, veral wanneer vroeg in die seisoen geplant word;
- Verminderde bewerking, oormaat residu veroorsaak laer grondtemperatuur en natter toestande. Dit vertraag vroeë wortelontwikkeling om sink en fosfaat op te neem; en
- Gronde wat hoog is in kalium.



Opsomming

Hierdie drie mikro-elemente is belangrik vir die suksesvolle verbouing van sojabone. Die neem van blaarmonsters is 'n belangrike praktyk om vas te stel watter makro- of mikro-elemente gedurende die groeiseisoen betyds reggestel moet word om oesverlies te voorkom of te beperk.

Bronne:
"The Mosaic Company"
Zinchem
Omnia Nutriologie

Wat jy alles moet weet van Sclerotinia op sojabone

deur Jacques van Zyl, junior landboukundige, VKB

Die voorkoms van siektes op sojabone het oor die afgelope aantal jare geweldig toegeneem. Hierdie toename kan toegeskryf word aan die verhoging in sojaboon-aanplantings. Sclerotinia peul- en stamvrot is die siekte wat tans die grootste ekonomiese nadeel veroorsaak in sojaboonproduksie wêreldwyd. Daar word beraam in die VSA dat slegs 'n 10%-besmetting op 'n land tot 250 kg oesverlies kan veroorsaak. Tans in Suid-Afrika word daar beraam dat tot 60% van oesverliese deur Sclerotinia veroorsaak word in sekere seisoene en lokaliteite.

Die lewensiklus van die swam is die rede hoekom dit so moeilik is om die siekte te beheer. Die vorm waarin die swam herken kan word deur produsente, word die muismis genoem, of sclerotium. Die muismis kom voor op ongesertifiseerde saad, in die murg van die stam van plante wat verwelk het en selfs op die grond in lande waar die besmetting hoog is. Hierdie muismis is geweldig gehard en kan vir jare in die grond oorleef, tot sewe jaar in dieper gronde. Die swam kan vriestoestand asook hittetoestand van tot 70°C oorleef.

Verspreiding

Sclerotinia kom voor in gebiede met gematigde temperature en hoë reënval- of vogtoestand. Die vernaamste oorsaak van verspreiding is teruggehoue of ongesertifiseerde saad. Die muismisstrukture word gevind op hierdie saad waarna dit met die plantproses in die grond beland. Die swam oorleef ook op baie ander geskikte gasheerplante. Een van hierdie gasheerplante wat volop in die Oos-Vrystaat voorkom, is kankerros. Meganiëse verspreiding dra ook by tot die verspreiding van hierdie siekte, veral stropers en ander oestoerusting en masjinerie.

Daar kan aanvaar word dat grondoordraging die grootste sondebok is vir die voorkoms van die siekte as gevolg van die vermoë van die siekte om vir jare in die grond te oorleef.

Simptome

Die siekte veroorsaak hoofsaaklik twee verskillende simptome. Spore wat deur die muismis vrygestel word, wat op blomblare beland, veroorsaak dat die peule besmet raak. Wit en wollerige swamdrade kan dikwels waargeneem word. Slegs enkele peule word geaffekteer, dus sterf die hele plant nie. Dit is wel moontlik dat peulbesmettings die bron vir verdere besmetting kan wees wat kan lei tot verdere verspreiding van die swam.

Die tweede simptome is egter baie erger. Wanneer die blaredak toemaak en 'n sogenaamde mikroklimaat skep wat koeler is as gevolg van die skadu-effek van die blaredak en vogtoestand is voordelig, kan die ontkiemende muismis swamdrade ontwikkel. Hierdie

swamdrade infekteer dan die stam van die plant wat 'n blokkasie in die vaatbundels van die plant veroorsaak. Dit beteken die plant kan nie meer water en voedingstowwe in die plant "vervoer" nie, waarna die plant verwelk en vrek.

Beheermetodes

Dit is duidelik uit die voorafgaande inligting dat hierdie siekte nie sonder handskoene aangevat moet word nie. Die enigste manier hoe hierdie siekte beheer kan word, is deur 'n geïntegreerde proses te volg.

Hier is 'n paar beheermaatreëls vir Sclerotinia op sojabone:

1. Plant gesonde, gesertifiseerde saad, vry van sclerotia.
2. Bewerkspraktike soos wyer rywydtes vir meer lugvloei en sonlig (hitte) deur die rye wat voorkom dat 'n gunstige mikroklimaat ontwikkel. Deur rye selfs van oos na wes te plant kan help om die plant en grond vinniger te droog.
3. Maak implemente skoon as daar beweeg word van 'n besmette land na 'n skoon land.
4. Lande moet skoon gehou word van onkruid wat as gasheerplante vir die siektes kan dien. Onkruid wat as gasheer kan dien, sluit in kankerros, misbredie, kosmos, kakiebos en knapsekêrel. Opslag-sonneblom moet ook beheer word.
5. Wisselbou met mielies en koring.
6. Plant kultivars wat minder vatbaar is.
7. Die regte plantdatum en groeiklaskombinasie kan ook die ontwikkeling van die siekte voorkom. Deur vroeër te plant sal 'n sojaboon moontlik voor die tydperk wanneer temperature afneem en vogtige tydperke voorkom klaar gebloom wees of begin afgaan wat die ontwikkeling van die siekte voorkom. Dit hang wel af van die groeiklas wat geplant word. Groeiklasse 5.5 en 6 sal vanselfsprekend 'n langer groeiperiode hê, wat dit meer vatbaar maak, maar vinniger groeiklasse soos vanaf 4.5 tot 5.3 kan hierdie tydperk van temperature wat afkoel en vogtige tydperke vryspring, wat die ontwikkeling van die siekte voorkom.
8. Chemiese beheer is duur en moeilik. Wat dit moeilik maak is die toediening daarvan, omdat toediening geskied wanneer die plante groot is en genoegsame water toegedien moet word onder die blaredak vir ordentlike benatting van die stamme. Benatting van die blare is nutteloos omdat Sclerotinia nie 'n blaarsiekte is nie. Sumisclex SC is sover die enigste middel wat geregistreer is op sojabone vir die beheer van Sclerotinia. Bespuitings deur 'n vliegtuig is nutteloos omdat slegs die blare benat word en nie die stamme van die plant nie.
9. Biologiese beheer: Contans® WG (Coniothyrium minitans) is 'n biologiese produk. Dit word aanbeveel om die produk op die vorige gewas se oesreste toe te dien voor plant of ná oes en in die bogrond in te werk. Dit moet ook verkieslik toegedien word drie maande voor die volgende sojaboonaanplanting in blomperiode gaan wees vir suksesvolle beheer.

Bronnelys:

Die voorkoms van Sclerotinia peul- en stamvrot. Henk van der Westhuizen, Philagro SA

Jou gids tot suksesvolle sojaboonproduksie. MA Smit, LNR.

is

STEENKOOLO

deur Philip en Ruhan Theunissen


oppad uit

Die gemiddelde mens kan met sy arms en bene 150 kWh se meganiese werk per jaar doen. Dit is net soveel soos wat 'n groot groen, rooi of blou trekker in 'n uur kan doen. Die mens se eie kapasiteit is net voldoende om homself aan die lewe te hou en is nie genoeg om enige betekenisvolle produksie te kan verrig nie, maar sonder brandstof kan die groot trekker, ongeag die kleur daarvan, ook geen bydrae tot produksie lewer nie. Dit kom dus daarop neer dat energie, in watter vorm ookal, die mens in staat stel om masjiene te gebruik waarmee hy sy produksievermoë met tot soveel as 'n 1 000 keer kan verhoog. Anders gestel, ekonomiese uitset is gelykstaande aan die hoeveelheid energie wat beskikbaar is. Arms en bene word net gebruik om skakelaars en hefboome te manipuleer sodat die energie ontsluit kan word. Deur die hele verloop van die mensdom se geskiedenis was energie dus die bepaler van die mens se vooruitgang en sy lewenstandaard. Vir 'n baie groot gedeelte van die mensdom se bestaan het hy vuur gemaak om homself warm te hou en om sy kos gaar te maak. Hout was dus vir eeue lank die vernaamste bron van energie. Die uitvinding van die stoommasjiene aan die begin van die negentiende eeu het egter die hele wese van die mens se agrariese bestaan in 'n nywerheidsbestaan omskep. Hoewel hout aanvanklik as energie vir hierdie masjiene gebruik is, het steenkool dit vinnig as energiebron vervang. 'n Ton kole verskaf vier keer meer energie as dieselfde hoeveelheid hout. Daarom het steenkool baie vinnig die vernaamste bron van energie geword, soos duidelik uit Grafiek 1 blyk, en word dit nog steeds op groot skaal gebruik om veral elektrisiteit deur middel van stoom op te wek.


Toe die motor aan die begin van die twintigste eeu uitgevind is, het olie as die voorkeur-energiebron ontwikkel. Soos wat motors eksponensieel op die paaie toeneem het, het die vraag na ru-olie ook eksponensieel toegeneem, soos aangedui in Grafiek 1. Dit is maar net nog 'n voorbeeld van hoe elke nuwe energiebron, hetsy gas, kernkrag, hidro, son of wind, telkens die mens se vermoë om te produseer aansienlik verhoog het. Tans gebruik die mensdom 146 000 terawatt-ure (tWh) se primêre energie per jaar wat per capita 25 keer meer is as wat dit in 1820 was.

Energie en ekonomie

Die mensdom se vermoë om al meer nuwe energie uit minerale en biologiese bronne te onttrek (meganiese energie), te omskep (chemiese energie) of te verplaas (kinetiese energie) het hom in staat gestel om 'n magdom aantal voorwerpe soos (klimaatbeheerde) geboue, motors, treine, fabrieke, infrastruktuur en huishoudelike toestelle vir sy eie gerief aan homself beskikbaar te stel. Dit het tot gevolg dat die ekonomie in wese een groot stelsel is wat natuurlike hulpbronne met behulp van energie in produkte omvorm. Dit is dus logies dat ekonomiese uitset, soos gemeet aan die bruto binnelandse produk (BBP), direk gekoppel kan word aan die hoeveelheid energie wat beskikbaar is. Energie is dus só intrinsiek met BBP verbind dat dit in wese dikteer hoe die ekonomie presteer. Grafiek 2 toon dus 'n baie noue verwantskap tussen globale energieverbruik en die BBP.




Bron: Vaclac Smit (2017) & BP Statistical Review of World Energy



Bron: BP Statistical Review of World Energy & World Development Indicators

Die historiese Parys-klimaatakkoord wat in 2015 deur die meeste lande aanvaar is, het ten doel om die styging van globale temperature tot onder 2 °Celsius te beperk. Dit beteken dat die globale energiestelsel 'n ingrypende verandering sal moet ondergaan. Die mikpunt is dat die gebruik van fossielbrandstowwe in 2050 met 80% vanaf die huidige vlakke verminder moet word wat dan daartoe moet lei dat hernubare energiebronne hierdie vermindering moet aanvul. Daar word ook in die vooruitsig gestel dat die globale ekonomie se energieverbruik op dieselfde vlakke as 2015 moet bly. Die vraag is nou hoe realisties is hierdie mikpunte?

Op grond van inligting van die VSA se Energy Information Administration (EIA), groei globale energieverbruik teen 'n saamgestelde koers van 1% per jaar. Indien dit aanvaar word dat hierdie toename dan nie meer moet plaasvind nie, moet die gebruik van fossielbrandstowwe, veral steenkool, oor die volgende 35 jaar (vanaf 2015) teen 'n saamgestelde koers van 4,5% per jaar verminder word terwyl nuwe hernubare energiebronne terselfdertyd teen 'n saamgestelde koers van 5,6% per jaar geskep moet word. Grafiek 3 toon die nuwe investerings in die verskillende energietipes.



Bron: <https://www.carbonbrief.org>

Grafiek 3 toon aan dat die investering in veral sonkragkapasiteit sedert 2010 skerp aan die toeneem is, maar dit toon ook aan dat, hoewel investering in fossielbrandstofopwekking jaarliks afneem, daar steeds nuwe investering in hierdie bronne plaasvind. Hierdie opwekkingskapasiteit neem dus nie af nie, dit brei net stadiger uit. Die saamgestelde jaarlikse groeikoers in nuwe investering van sonkragkapasiteit beloop 22% vir die afgelope agt jaar terwyl dié van fossielbronne met 3% afgeneem het. Dit wil dus voorkom of blote politieke mikpunte nie die investering in energiebronne gaan beïnvloed nie. Vrywillige vermindering in die gebruik van fossielbrandstof, met die gepaardgaande verbeuring van ekonomiese uitset, is vervolgens nie moontlik nie.

Drywers van verandering

'n Studie deur KPMG het bevind dat die oorgang na hernubare energiebronne tot op hede hoofsaaklik deur regeringsubsidies gedryf was. Dit is egter nie volhoubaar nie, want die koste word uiteindelik net na die eindverbruiker of belastingbetaler afgewentel. Die REIPPP-program in Suid Afrika is 'n sprekende voorbeeld van 'n regeringspoging om hernubare energie van die grond af te kry. Hoewel dit in hierdie doel geslaag het, word dit uit vele oorde gekritiseer omdat die aanvanklike oprigtings- en opwekkingskoste uitermatig

duur was en die belastingbetaler in 'n mate daarvoor moes opdok.

Die situasie is egter besig om vinnig te verander. Die koste van hoofstroom- hernubare energiebronne, soos wind- en sonkrag, het oor die laaste paar jaar aansienlik gedaal, soos in die tabel aangetoon.

TABEL: KOSTE VAN ELEKTRISITEIT PER ENERGIETIPE (\$/KWh)

	2010	2017	% verander
Gekonsentreerde sonkrag	0,33	0,22	-33%
Fotovoltaïese sonkrag	0,36	0,10	-72%
Aflandige wind	0,17	0,14	-18%
Aanlandige wind	0,08	0,06	-25%
Biomassa	0,07	0,07	0%
Geotermies	0,05	0,07	40%
Hidro	0,04	0,05	25%

Bron: BloombergNEF

Die tabel toon aan dat die koste om veral son- en windkrag op te wek met tot soveel as 72% sedert 2010 afgeneem het. Hernubare energie word dus goedkoper en makliker om op te rig én op te wek wat die uitbreiding daarvan aanmoedig.

'n Studie deur Deloitte meen dan ook dat ondersteunende beleid, beleggingswaarde en verdere tegnologiese verbetering, tesame met dalende koste, die fundamentele drywers vir groei in hierdie sektor gaan wees. Gunstige beleidsomgewing én opwekkingskoste is dus die twee sleutelkomponente om die groei van hierdie energiebronne te stimuleer. Die mate van invloed daarop kan met behulp van 'n vierkwadrant-grafiek gedoen word.

In Grafiek 4 word die koste van hernubare energie as drywer op die vertikale as vasgelê. Dalende of andersins goedkoop koste is aan die bokant terwyl stygende of duur koste aan die onderkant van die grafiek lê. Op die horisontale as is beleid vasgelê. Gunstige en ondersteunende beleid lê na regs en ontbrekende of teenwerkende beleid na links. Elke kwadrant van die grafiek skep gevolglik 'n unieke scenario volgens die twee drywers as inset.



GRAFIEK 4: DRYWERS VIR DIE AANVAARDING VAN HERNUBARE ENERGIEBRONNE

Koste van hernubare energie is goedkoop

*Vertraagde ontwikkeling en groei.
Tegnologie is bekostigbaar maar wetlike rompslomp is die grootste hindernis.
Huidige situasie in RSA.*

*Ideale scenario.
Ontwikkeling vind spontaan plaas.
Ekonomiese voordeel vermeerder.
Verdere tegnologiese ontwikkeling aangemoedig.*

Ontbrekende beleid

*Geen voordeel om te verander.
Status quo word gehandhaaf.*

Ondersteunende beleid

*Bale lae finansiële voordeel.
Subsidies nodig om implementering aan te moedig.
Ander drywers soos koolstofbelasting dien as motivering.
Vertraagde ekonomiese voordeel.
Nie 'n ideale scenario.*

Koste van hernubare energie is duur

Die regter boonste kwadrant is die ideale scenario waarna gemik moet word. As prys en beleid saamwerk, kan dit groei en verdere tegnologiese ontwikkeling stimuleer en die oorgang na 'n ekonomiese stelsel, wat hoofsaaklik van hernubare energie gebruik maak, 'n werklikheid maak. Die teenoorgestelde is egter ook waar in die linker onderste kwadrant. Indien beleid ontbreek en die koste van so 'n aard is dat dit nie 'n voordeel vir die ekonomiese stelsel inhou nie, gaan geen verandering plaasvind nie en gaan fossielbrandstowwe die vernaamste bron van energie bly.

Dit is onseker oor presies in watter kwadrant die wêreld én Suid-Afrika hulself tans bevind. Wat wel seker is, is dit dat beide ten minste nie meer in die heel slegste scenario (links onder) lê nie. Hoewel hernubare energie steeds relatief hoë aanvangskapitaal verg, word koste en terugbetaalvermoë nie meer as 'n struikelblok gesien nie. Dit beteken dat die land ten minste in die boonste helfte van die grafiek beweeg het.

Die toekoms

Die vervanging van fossielenergie met hernubare energie gaan waarskynlik nie teen 2050 voltooi wees, soos wat die wêreld se beleidsmakers heen mik nie. Teen hierdie datum gaan steenkool alleen steeds ongeveer 30% van die totale energiebronne uitmaak terwyl hernubare energie dan moontlik 25% daarvan gaan weerspieël.

Die uittasering van fossielbrandstof gaan dus 'n geleidelik en geduldige proses moet wees. Tog is daar duidelike tekens dat die mensdom se groot afhanklikheid van veral steenkool aan die daal is terwyl investering in hernubare energie aan die toeneem is. Die kombinasie van innovasie, investering en dalende koste sal uiteindelik die tempo bepaal waarteen hernubare energie die wêreld gaan verower terwyl enige politieke beperking op die opwekkingskapasiteit van watter bron ookal die mensdom se ekonomiese uitset nadelig gaan beïnvloed. Plaaslik het beurtkrag, asook skerp en aanhoudende stygings in elektrisiteitstariewe, reeds 'n nadelige invloed op ekonomiese uitset. Volgehoue dalings in die installasiekoste van hernubare energiestelsels sal dalk

beteken dat Suid-Afrika teen 'n vinniger tempo as die res van die wêreld gaan beweeg om minder afhanklik van steenkool te wees.



Bronne:

- Global Energy Transformation: A Roadmap to 2050 (2018 Edition)
- What is energy, actually? Jean-Marc Jancovici
- An Energy/GDP Forecast to 2050. Gail Tverberg
- Enerconics: The Relationship between Energy and GDP. Scottish-Sceptic
- New drivers of the renewable energy transition. KPMG, April 2018
- 2019 Renewable energy industry outlook. Deloitte, 2018



Jong boer deel praktiese veiligheidswenke

Plaasveiligheid is op almal se lippe en teoretiese inligting word wyd en syd gedeel. Pieter Barnard is 'n boer in sy twintigs wat alleen saam met sy vrou op 'n plaas in die Alma-distrik boer en woon. Pieter is werklik paraat en is 'n leier in plaasveiligheid in die omgewing. Hy het praktiese wenke met Delene Snyman gedeel.

“Om bang te wees op die plaas is nie 'n opsie nie. 'Bang' is nie 'n aksie-woord nie, maar om paraat te wees beteken dat jy iets doen aan 'n slegte situasie. Landelike veiligheid is 'n probleem-situasie in ons land, plaasaanvalle 'n onaangename realiteit. Slegs deur proaktiewe optrede kan jy jouself en jou geliefdes beskerm.”

1. Bewapen jouself en almal in jou gesin wat 'n wettige wapen mag besit. Die wapen moet te alle tye dadelik binne jou bereik wees. Dra dus die wapen aan jou lyf en binne jou bereik selfs as jy stort of slaap. 'n Handwapen beteken niks as dit in die kluis lê nie. As jy dit nodig sou kry, het jy sekondes om jou hand daarop te lê.
2. Vermy roetine. Plaasaanvalle word bykans altyd beplan. As 'n mens 'n vaste roetine het, maak jy dit maklik vir booswigte se beplanning. Selfs al is 'n suksesvolle boerdery onderhewig aan streng dissipline, moet jy sorg dat jou roetine dit nie maklik maak vir 'n plaasaanval nie. Optrede wat nie voorsien word nie, ontwig plaasaanvallers se beplanning.
3. Sorg vir Plan B. As dit nodig is om jouself uit 'n situasie te kry, moet jy weet wat om te doen. Stel 'n Plan B op as hulle wel toegang kry tot jou eiendom. Voorsien die

ergste scenario en lig jou gesin in oor hoe om op te tree. Wees die aanvaller 'n tree voor.

4. Sluit aan by georganiseerde landbou en werk saam met die polisie. Die Rankins Pas SAPD is op en wakker en lewer baie goeie samewerking met georganiseerde veiligheidsgroepe van die omgewing. Maak kontak met jou naaste polisiestasie en werk saam.
5. Gebruik tegnologie. Radioverbinding met boere in jou omgewing is noodsaaklik. Die eerste ding wat jy doen as jy op 'n plaas intrek, is om 'n radio te kry en deel te word van die daaglikse roepgroep op die radio. Dit verseker dat hulp vinnig verkry kan word sou dit nodig wees. WhatsApp-groepe is belangrik, maar kies die groepe wat sinvol is.
6. Vorm patrolliegroepe. Al meer boere ry deesdae patrollie. Dit is 'n vorm van sigbare polisiëring en skrik misdadigers af. Boere ry op verskillende tye en nie volgens 'n vaste program nie sodat daar altyd 'n verrassingselement ter sprake is. Maak seker almal wat patrollie ry, is toegerus met 'n koeëlvaste baadjie en dat boere per WhatsApp-groep weet wanneer die persoon ry. Dit verskerp die veiligheid van die betrokke patrollielid.
7. Beveilig jou woonplek met alles tot jou beskikking. Diefwering met ekstra versterking by veiligheidsdeure



Pieter en Megan Barnard tydens die Dankie-sê funksie van NTK in 2018.



Pieter voor sy geëlektrifiseerde hek met van die honde in die agtergrond.

is vanselfsprekend. Elektriese omheining, kamerastelsels, alarms en ligte op die erf dra by tot jou veiligheid. Moet egter nie gerus wees met al hierdie veiligheidsroerusting in plek nie; wees steeds paraat en voorbereid.

8. 'n Hond in die huis is amper die belangrikste veiligheidswenk. Honde op die werf is ook belangrik, maar kan vergiftig word waar 'n hond binne-in die huis dadelik alarm kan maak. Waar moontlik voer jou hond self en maak hulle toe as mense anders as jou gesin op die erf is. So leer hulle dat vreemde mense nie hoort op 'n erf waarin die honde vrylik beweeg nie.
9. Moenie lone gaan trek en werkers op die plaas betaal nie. As dit nie direk in 'n werker se rekening betaal kan word nie, maak 'n reëling met die bank dat kontantlone in die bank betaal word. Moenie groot somme kontant in die huis hou nie en moet veral nie met kontant voor ander mense werk nie. Onthou die spreekwoord: Makste honde byt die seerste.
10. Bly op jou knieë en bid tot jou Hemelse Vader om jou veilig te hou. Slegte dinge gebeur met goeie mense en selfs met mense wat paraat is, maar stel jou vertrouwe altyd in die Here.


« Voedingskedulering™ belyn met plantontwikkeling. »

Mielie OEMFF® B16
Voedingsondersteuning gedurende stuifmeelstort, bestuiwing en bevrugting.

KynoPlus®-mengsels Foli-Grande® of Foli-Plus®
Voedingsondersteuning om graanvul te verbeter.

KynoPop®
Vinnige begin en sterk saailinge.

KynoPlus® - NPKS plantermengsel
ondersteun potensiaal in die mielieplant.



KynoPlus® en KynoPlus®-mengsel
Verbeterde voeding wanneer die mielieplant dit die nodigste het.

Mielie OEMFF®
'n Blaarvoeding om die effektiwiteit van die mielieplant te verbeter.

KynoPlus®
Verhoog beskikbare stikstof in die grond.

KynoPlus®-mengsels
Plaas stikstof, fosfaat en kalium in die grond.

Praat met ons oor hoe jy die **Voedingskedulering™** in jou gewasbestuur-program kan implementeer.



011 317 2000
info@kynoch.co.za

Met **Kynoch** se innoverende en pasmaak-produkte, kan jy bemesting volgens jou mielieplante se behoeftes en groeistadiums toedien. So verseker **Kynoch** dat jou **melieplante kry wat hulle nodig het, wanneer hul dit die nodigste het.**



Kynoch

Verbeterde doeltreffendheid deur innovasie

Don't just innovate, #KynoVate.

@KynochFertilizer

www.kynoch.co.za

Farmisco (Edms) Bpk. h/a Kynoch Fertilizer
Reg. No. 2009/0092541/07

KynoPlus® is geregistreer as kunsmis groep 1 - Reg. No: K8024, KynoPop® Reg. No: K9101, Mielie OEMFF® Reg. No: K8702, Foli-Plus® Reg. No: K9397 en Foli-Grande® Reg. No: K8045 (Alle produkte is geregistreer onder Wet 36 van 1947)

Wat moet ek weet as ek 'n dam wil bou?

Ons almal weet dat om 'n dam te bou, jy nie net 'n damskrop en 'n donkie kan inspan nie. In hierdie artikel word gekyk na van die aspekte wat in aanmerking geneem moet word wanneer 'n boer 'n dam op sy plaas wil bou.

Wetlike aspekte wanneer ek 'n nuwe dam wil bou

'n Dam is ingevolge die Nasionale Waterwet 'n watergebruik (die opgaar van water). Dit is dus aan die bepalings van die Waterwet onderhewig en mag nie sonder die nodige magtiging gebou word nie.

- Die eerste maandelikse magtiging lê in die sogenaamde Algemene Vergunnings. Die Algemene Vergunning is in die Staatskoerant van 2 September 2016 gepubliseer. Dit geld vir die volgende 20 jaar, dit wil sê tot September 2036.
- Die Algemene Vergunning is gebiedsgebonde en geld slegs vir damme wat buite die bedding van 'n waterstroom of rivier geleë is. Sulke damme moet ook 'n uitlaat hê waarmee die dam binne 30 dae totaal leeggemaak kan word.
- Die maksimum volume wat in die Vrystaat-gebied deur die Algemene Vergunning toegelaat word, is 2 000 m³. Dit is maar bra min water (minder as die helfte van 'n normale leidam), maar laat redelike groot ronde damme, soos sinkdamme, sementdamme en gronddamme toe (met deursnitte van tussen 35 m en 40 m vir damme met 'n diepte van 2 m en 1,5 m onderskeidelik). Daar is geen onderskeid tussen damme wat met verskillende materiale gebou word nie.

Die tweede maandelikse as ek 'n dam wil bou wat groter

as die Algemene Vergunning is, of 'n dam wat binne 'n waterstroom geleë is wil bou, is om 'n lisensie-aansoek daarvoor te doen. Hierdie is 'n baie meer omvattende proses en ek beveel aan dat u die naaste kantoor van die Departement van Water en Sanitasie nader om bystand met die lisensie-aansoek.

Sou die totale opgaarvermoë van u dam groter as 50 000 m³ wees en die hoogte van die wal meer as 5 m, is die dam ook onderhewig aan die regulasies van Damveiligheid. Afhangende van die veiligheidsrisiko van die dam, word dit deur die departement geklassifiseer as een van drie tipes risiko. Elke tipe risiko het sy eie vereistes in verband met ontwerpvereistes en inspeksies. Weereens beveel ek aan dat u met die departement sal skakel as daar enige moontlikheid van 'n oorskryding van die perke is. Om seker te maak dat u aan alle wetlike vereistes voldoen, moet u asseblief ook in ag neem dat die bou van 'n dam, veral binne 'n waterstroom, bes moontlik sekere gelyste aktiwiteite onder die Omgewingswetgewing tot gevolg kan hê. Die Departement van Water en Sanitasie sal u ook hieroor kan adviseer.

Mag ek 'n dam gebruik vir besproeiing?

Ja, jy mag 'n dam gebruik om uit te besproei, maar onthou dat besproeiing (die neem van water) 'n afsonderlike watergebruik is! Daarvoor moet ook 'n magtiging gekry word. Soos in die geval van opgaar, geld hier ook 'n algemene magtiging. Die algemene magtiging laat die besproeiing van 2 000 m³ water per jaar toe.

As jy reeds bestaande wettige besproeiing het, mag jy die dam gebruik om daardie volume water wat reeds as bestaande wettige gebruik verklaar is, uit die dam te besproei.

As dit 'n nuwe gebruik vir besproeiing is en die volume groter as 2 000 m³ per jaar is, moet 'n lisensie-aansoek daarvoor gedoen word by die departement.

Mag ek 'n dam wat gebreek het, herstel?

Ja, 'n gebreekte dam mag herstel word. Die voorwaarde is egter dat die kapasiteit van die dam nie vergroot mag word nie. Die voetspoor van die konstruksiewerk mag ook nie die oorspronklike voetspoor oorskry nie. Sou dit nodig wees om die voetspoor te verander (byvoorbeeld die wal wyer te maak of om nuwe flankmure te bou), is toestemming van Omgewingsake normaalweg nodig.

Hoe groot moet ek 'n dam bou?

Hierdie is 'n baie belangrike vraag! Wat help dit 'n mens jy bou 'n dam, maar die afloop na daardie dam is nie voldoende om genoeg water vir jou besproeiing te lewer nie.

Die afloop na 'n dam hang af van die grootte van die opvanggebied wat tot by die dam dreineer. Die hoeveelheid water wat afloop, hang ook baie nou saam met die reënval oor die opvanggebied.

As 'n breë riglyn kan aanvaar word dat ongeveer 25 ha opvanggebied nodig is vir elke hektaar wat jy uit die dam wil besproei. Sou 'n mens dus sowat 8 ha uit die dam wil besproei, moet die dam 'n opvanggebied van ongeveer 200 ha hê.

Die kapasiteit van die dam moet so ongeveer 25% groter wees as die afloop uit die opvanggebied. In ons voorbeeld van 8 ha besproeiing en 'n 200 ha opvanggebied, is die besproeiing wat nodig is, ongeveer 32 000 m³ per jaar. Hiervoor moet die dam dus ongeveer 40 000 m³ water kan hou.

Ten slotte

Dit is baie belangrik dat, wanneer 'n boer 'n dam wil bou, behoorlike magtiging daarvoor gekry moet word.

Die eerste wegspring is altyd die Departement van Water en Sanitasie. Die departement is goed gerat om behoorlike leiding in hierdie verband te gee. Vir kontakinligting, kyk op die webwerf www.dwa.gov.za/contactRegions.aspx.

In sommige gevalle mag dit nodig wees dat u van kundige advies en leiding gebruik moet maak. 'n Dam is 'n duur ding. Onthou dat die fooie wat u aan 'n kundige betaal die goedkoopste deel van die koste van die dam is. Sonder kundige insette mag u dalk eindig met 'n ondoeltreffende dam wat boonop onwettig mag wees!

Bron: <http://www.landuse.co.za/afrikaans/blog/?id=zo7e4tza>



QUALITY HOSE MANUFACTURER

"Suction Hose"

VERVAARDIG
VAN SUIWER
ROUMATERIAAL

KODE	BESKRYWING	GROOTTE
SHM25030	"SUCTION HOSE" GEEL 25MM	25mm x 30m
SHM32030	"SUCTION HOSE" GEEL 32MM	32mm x 30m
SHM40030	"SUCTION HOSE" GEEL 40MM	40mm x 30m
SHM50030	"SUCTION HOSE" GEEL 50MM	50mm x 30m
SHM63030	"SUCTION HOSE" GEEL 63MM	63mm x 30m
SHM75030	"SUCTION HOSE" GEEL 75MM	75mm x 30m
SHM10030	"SUCTION HOSE" GEEL 100MM	100mm x 30m

**DEURSIGTIG VIR BETER SIGBAARHEID
EN MEER BUIGSAAM!**

Gehalte Sleep Waterslange

10-jaar
Waarborg:



5-jaar
Waarborg:

*Kwaliteit
teen die regte prys!*



**Plaaslik Vervaardig Vir
Besproeiings-gemoedsrus**

5745 WATEX 1/2PG DIE PAD SAAM AUG'19

Reinforced Hosing (Pty) Ltd

Vervaardig en verskaf ook slange vir:

• Mynbou • Nywerheid • Boubedryf • Tuine

Asook Vooraf-verpakte Bybehore vir tuinslange

Besoek www.watex.co.za vir besonderhede



WATEX Sleep waterslange	5-jaar waarborg	
Nominale Deursnee (mm)	12	20
Barsdruk Kpa	4000	3500

WATEX Gehalte Sleep waterslange	10-jaar waarborg	PLUS SABS Goedgekeur	
Nominale Deursnee (mm)	12	20	25
Barsdruk Kpa	5000	4500	4000



Wat moet ek weet van waterregte?

In 'n gesprek op *Die GROOT Ontbyt* op kykNET het Elsa Esterhuizen in Oktober 2018 met Jacques Marais van VDT Prokureurs oor waterregte en die Nasionale Waterwet gesels. Hier volg 'n transkripsie van hierdie insettel:

Die regsposisie met betrekking tot waterregte in Suid-Afrika met die inwerkingtreding van die Nasionale Waterwet van 1998 is dikwels 'n grys area in ons boerderygemeenskappe. Ons gesels met Jacques Marais van VDT Prokureurs hieroor. Jacques, verduidelik nou eers vir ons wat behels die 1998 Waterwet?

Jacques: Die Nasionale Waterwet van 1998 het in werking getree op 1 Oktober 1998 en is basies die hoof-regulatoriese regte in Suid-Afrika wat alle wetgewing wat in die verlede met waterregte te doen gehad het, heeltemal vervang het. Waterregte in die verlede is hoofsaaklik gereguleer deur ons gemenerereg wat uit die aard van die saak die Romeins-Hollandse reg insluit, asook die Waterwet van 1956.

Die oorhoofse doel van ons Nasionale Waterwet is om die waterregte en waterbronne in Suid-Afrika op só 'n wyse te reguleer, te onderhou, te ontwikkel en te gebruik tot voordeel van ons land se inwoners en om ook daarmee saam 'n fundamentele regulatoriese raamwerk daar te stel met die doel om ons omgewing te beskerm, om droogte en watervoere te beheer en te verhoed, asook om seker te maak dat Suid-Afrika internasionale verantwoordelikhede nakom.

Wanneer is die gebruik van water regmatig?

In breë terme is die gebruik van waterregte regmatig indien daar 'n lisensie daarvoor uitgereik word. Uit die aard van die saak is daar sekere vrystellings waarvoor jy nie 'n lisensie nodig het nie, waarby ons later sal uitkom, maar ek dink vir die doeleindes hiervan is dit baie belangrik om te weet wat watergebruik alles behels. Watergebruik word baie breed omskryf in ons Waterwet en dit sluit onder andere in die neem en die stoor van water, die verandering van 'n waterroete, die neem en gebruik van onderwaterbronne vir sekere doeleindes, vir rekreasiedoeleindes én besproeiingsdoeleindes. Ek het genoem dat daar vrystellings is waarvoor jy nie 'n lisensie nodig het nie. Ek gaan vier noem. Die eerste aspek is jou skedule 1-watergebruiker. Dis spesifiek jou huishoudelike gebruike – gebruike om jou diere te voer met water, asook in noodtoestande, soos byvoorbeeld brandvegting.

'n Ander geval is wanneer daar 'n voortsetting van regmatige waterreg is wat reeds bestaan het in die periode onmiddellik voor die inwerkingtreding van die 1998-wet wat dan voortgesit word deur die boer en sodanige watergebruike was dan bekragtig deur die wetgewing wat voor daardie wetgewing gegeld het. 'n Derde geval is waar die minister in die *Staatskoerant* 'n algemene magtiging publiseer, en die vierde geval is waar die owerhede jou vrystel om 'n lisensie te bekom om water te gebruik.

Jy het genoem dat boere nie 'n lisensie nodig het waar 'n boer sy regmatige watergebruik voortsit nie, so verduidelik net vir ons wat presies dit behels?

Die frase “bestaande regmatige of toelaatbare watergebruik” behels basies die voortsetting van 'n watergebruik wat in die periode onmiddellik twee jaar voor die inwerkingtreding van die 1998-waterwet ontstaan het. Sodanige gebruik was bekragtig kragtens die wetgewing wat daai tyd gegeld het, maar uit die aard van die saak, met die inwerkingtreding van die 1998-wetgewing is daardie wetgewing toe herroep. Nou, hoewel 'n boer nie noodwendig 'n lisensie nodig het vir sodanige watergebruike nie, kán die owerheid wel toeslaan op 'n boer en hom dwing om te registreer vir daardie watergebruik en daardie watergebruik te verifieer en dan, indien moontlik, 'n lisensie daarvoor te bekom. Dit behels basies 'n proses waar die owerheid dan sal voortgaan om die regmatigheid van jou watergebruik wat destyds bestaan het, te verifieer en indien nodig sekere voorwaardes en beperkings ook implementeer ten einde dit versoenbaar te maak met die doel ons nuwe wetgewing.



Die Nasionale Waterwet maak voorsiening vir die registrasie van sekere watergebruike. Is 'n boer verplig om vir watergebruik te registreer?

Die Nasionale Waterwet maak wel voorsiening vir 'n registrasieproses wat eintlik maar net 'n proses was om die Departement van Waterwese in staat te stel om genoegsame inligting te bekom oor die waterbehoefes van ons land. Die registrasieproses is maar eintlik iets wat voorafgaande is en jou uitreiking van 'n lisensie is reaksionêr tot daardie proses. Nou, in breë terme, soos ek reeds gesê het in die vorige vraag, is die algemene reël dat alle partye wat in boerdery betrokke is, wel vir watergebruike moet registreer vir watergebruike wat hulle op hul plaas wil beoefen, wat ook die oppervlak- en grondwatergebruike insluit. Daar is egter seker vrystellings, wat ek ook sopas genoem het.

Dit gebeur dikwels dat 'n boer sy plaas aan 'n ander boer verkoop. Kan die waterregte in so 'n geval oorgedra word?

Water is 'n essensiële kommoditeit in veral vandag se boerderygemeenskap, en 'n kommoditeit wat beperkte beskikbaarheid het. Nou, die oordrag van waterregte het 'n ongelooflike essensiële en belangrike aspek vir boere geword omdat dit die boer se vermoë beïnvloed om sy plaas te ontwikkel en uit te brei. Daar is deesdae 'n persepsie onder boere wat basies lei dat... hulle voel dat in praktyk kan jy nie waterregte oordra indien jy nie aan die minimumvereistes van Swart Ekonomiese Bemagtiging voldoen nie. Dit is uit die aard van die saak een van die faktore wat oorweeg word wanneer oordrag van waterregte goedgekeur word deur die owerheid, maar dit is nie deurslaggewend nie. Hierdie waterregte-faktor is egter in ag geneem en was deurslaggewend in 'n appèlhofbeslissing in 2013, maar dit is nie die enigste nie.

Wat ook baie van pas is in hierdie geval, is dat ons wet wel voorsiening maak vir die oordrag van waterregte en dat die oordrag van waterregte basies baie makliker gemaak word met die nuwe waterbedeling omdat die waterregte aan die persoon self kleef en nie aan die eiendom, soos in die vorige bedeling nie.

Nou, in die vorige bedeling het dit só gewerk dat indien jy die eienaar van 'n plaas was, sou jy eienaar gewees het van die water wat oor daardie plaas gevloei het. Nou vestig die eienaarskap van die water in die owerheid en jy doen dan aansoek vir 'n lisensie om daardie water te gebruik by die owerheid vir sekere watergebruike soos ek ook voorheen genoem het. Daar is egter sekere faktore wat oorweeg moet word. Van hierdie faktore is die drie belangrikstes vir boere, na my mening, die sosio-ekonomiese impak wat sodanige oordrag van waterregte op jou huidige werkers en huurders van jou oorhandigingseiendom het, asook enige hangende grondeise wat ook redelik modern is in ons alledaagse lewe omdat dit die waarde van jou plaas en die waarde van jou waterregte beïnvloed, en dan die finale faktor, is die behoefte om ras- en geslagsdiskriminasie van die verlede reg te stel.

Jy verwys na die verskillende faktore en dit wil dan vir my voorkom asof 'n mens maar 'n kundige in die proses móét raadpleeg.

Nee, definitief.

Watter raad het jy vir boere in dié verband?

Water as 'n primêre natuurlike hulpbron is 'n ongelooflik baie waarde-draende hulpbron vir boere omdat dit eintlik bydra tot die waarde van die plaas en die potensiaal van die plaas. Met ons land se geskiedenis en met die Kaapse gebeure is dit baie duidelik dat water 'n baie skaars hulpbron is, en veral in Suid-Afrika omdat Suid-Afrika 'n waterskaarste-land is. Dit wil sê dat die gebruik daarvan baie regulatories moet geskied en dat die beskikbaarheid daarvan ook maar beheer moet word.

Dit het baie essensieel en belangrik geraak vir die boerderygemeenskappe, veral die bron, omdat – soos



ek gesê het – dit bygedra het en bydra tot die waarde van die plaas en die boerdery self.

Wat baie min mense weet, is dat indien 'n waardeerder jou plaas kom waardeer, staan hy onder verpligting om die regmatigheid van jou watergebruike en jou waterregte te evalueer en vas te stel alvorens hy 'n waardasie op jou eiendom kan plaas. Indien daardie regte nie in plek is nie, indien jy nie die nodige lisensies daarvoor het nie of bekom het nie, kan dit wel die waarde van jou plaas in gedrang bring en die oordragsproses ook baie moeiliker maak.

My advies aan boere sal wees om hulle so gou as moontlik te vergewis van die nuutste prosesse en regulasies en wette om hulle in staat te stel om nou al die nodige prosesse te kan volg om die nodige regte en lisensies te bekom vir die watergebruike wat hulle nodig het op hul plase om hul boerdery voort te sit op ekonomiese wyse, en ook so indien hulle van voornemens is om in die toekoms hul plaas te verkoop, om daardie dokumentasies en registrasies in plek te hê om die waardasies van hul plase so hoog as moontlik te kan hou.

Ek voel nou baie meer ingelig. Baie dankie, Jacques.

Baie dankie vir die geleentheid, Elsa.

Koop enige MSD-produkte ter waarde van **R3 000** per transaksie en staan 'n kans om 'n vuurvegter in 'n gelukkige trekking te

WEN!

19 Augustus - 30 September 2019

vkb

MSD
Animal Health



R2 490⁰⁰ R1 990⁰⁰

Multivax P & P Plus 500ml



MSD Delete All 20L

R2 990⁰⁰



R120⁰⁰ R178⁰⁰

Taktic Cattle Spray
500ml & 1L



Covexin 100ml

R345⁰⁰



Supavax 100ml

R398⁰⁰



Solution 3.5% LA Combo
3x500ml

R2 790⁰⁰

vir die **LIEFDE** van die **LAND** | www.vkb.co.za   

Terwyl voorraad hou. Alle pryse sluit BTW uit, tensy anders aangedui. VKB behou die reg om die hoeveelhede van enige item wat tekoop is, te beheer. Alle pryse en illustrasies was teen druktyd korrek en VKB kan nie verantwoordelik gehou word vir enige drukfoute wat mag voorkom nie. Produkte mag van illustrasies verskil. Produkte is slegs by geselekteerde winkels, maar kan bestel word.

VKB Hoofkantoor | President CR Swartsraat 31, Reitz, 9810 | Tel. 087 358 8111 | vkb@vkb.co.za

VKB Landbou (Edms.) Bpk. is 'n gemagtigde finansiële diensteverskaffer, FDV 4813

vkb

100 JAAR
van LIEFDE vir die LAND



BUILT FOR GROWERS

Since 1995, Kaufmann has been a trusted partner in providing quality, fit-for-purpose products, built to get the job done.

Kaufmann recently rebranded and extended the Kaufmann Garden range to offer a comprehensive solution for gardeners. Kaufmann's products are built with the latest manufacturing innovation, built with expertise and built to last, in order to ensure the DIY customer's satisfaction.

Categories Available In The Comprehensive Garden Range



Hoses



Hose fittings



Sprinklers



Sprayers



Garden Accessories



Fountain Pumps



KAUFMANN
LIFE IS BETTER WITH KAUFMANN

KAUFMANN GARDEN IS AVAILABLE FROM PARTICIPATING VKB STORES

KAUFMANN GARDEN IS EXCLUSIVELY DISTRIBUTED BY Agrinet



Daar is geld in varkboerdery

Omdat klein pienk varkies vir Hannelie Cronjé 'n sekere beking inhou, het sy gaan nalees oor die vereistes, koste en lewensvatbaarheid van 'n varkboerdery en tot die gevolgtrekking gekom dat hierdie 'n baie lewensvatbare en lonende bedryf kan wees.

Om 'n varkboerdery in Suid-Afrika aan te pak, vereis 'n plan. Om die waarheid te sê, enige varkboerdery vereis 'n plan, van die duisend-sog-eenheid tot by die twee-vark-trop in die agterplaas van 'n arm eienaar wat sy gesin se inkomste wil verhoog. Of dit nou 'n groot kommersiële varkplaas is of 'n kleintjie, die basiese beplanningsreëls bly dieselfde. Daar moet begin word met die beplande einddoel: Wil jy speenvarke produseer en verkoop? Of wil jy speenvarke koop en grootmaak vir slag? Of varke koop en verkoop as 'n spekulant? Of wil jy varke produseer, grootmaak tot by slag grootte en dan verkoop?

Die tweede ding om in gedagte te hou met die begin van 'n varkboerdery is die geskatte markvereistes – hoe buigbaar, seisoenaal en kompetender is die mark alreeds?

Derdens moet die beperkinge, regulasies, gesondheids- en omgewingswetgewing en dorpsbeplanning vir die omgewing waar jy beplan om jou boerdery te begin in aanmerking geneem word. Doen dan 'n voorlopige beplanning van produksiekoste.

Jy moet die basiese koste van roumateriale, watter geboue (soos behuising) benodig gaan word, hoeveel meganisasie asook die aantal werkers benodig sowel as watter vaardigheidsvlakke hulle behoort te hê, bereken. Indien jou eindprodukt bederfbaar is (varkvleis), moet jy ook bereken wat die raklewe en bergingskapasiteit, verkoeling, vervoer en verpakking is wat jy gaan benodig.

Befondsing vir varkboerdery

Om 'n varkboerdery op die been te bring, benodig jy befondsing om die nuwe besigheid te dra deur die ontwikkelingsperiode. Die periode sluit in die oprigting van omheining, die bou van hokke en behuising, die aankoop van toerusting en die uitsortering van arbeid, verkryging van krag- en watertoevoer, erfbelasting, versekering en die alledaagse huishoudelike uitgawes. Bepaal hoe lank dit sal

duur voordat daar 'n inkomste sal wees wat die kontantvloei positief sal begin maak.

'n Realistiese kontantvloei-skatting is noodsaaklik maar dikwels die slegste deel van 'n besigheidsplan. 'n Mens is besig om te probeer voorspel wat die produksiekoste, rente op lenings, lopende kostes en berging gaan wees en dit te balanseer teen die inkomstes uit verkope oor 'n toekomstige periode terwyl waardes en uitgawes onvoorspelbaar en veranderlik is.

As 'n beginner-entrepreneur egter een van die moontlike bronne van befondsing wil nader en ernstig opgeneem wil word, moet hy of sy maar die moeite doen om die hulp van iemand wat finansies, en veral varkboerdery, verstaan, in te roep. Saam kan hulle 'n besigheidsplan ontwikkel wat hulle deur die eerste fase van 'n lewensvatbare onderneming sal neem. Daar bestaan verskeie organisasies wat in 'n posisie is om te help en spesifiek fokus op die ondersteuning van die kleinskaalse boer.

Die Suid-Afrikaanse regering is die leier op hierdie gebied en 'n aantal ministers van landbou is op rekord as sterk ondersteuners van bestaansboerderye en boere in die informele sektor. In die jaarlikse begroting word 'n aansienlike bedrag beskikbaar gestel en deur die provinsiale departemente van landbou word hierdie bedrag toegeken en bestee deur plaaslike provinsiale keurkomitees waarop die toepaslike boerderyspesialiteite verteenwoordiging het. Ander bene van die regering soos die departement van landelike ontwikkeling speel ook 'n rol.

Daar is egter nooit genoeg fondse beskikbaar om alle aansoekers te help nie, dus kom ander organisasies soos die Landbank, provinsiale hulpfondse en munisipaliteite ook in die prentjie. Oor die algemeen behoort die beginner of kleinskaalse varkvleisprodusent die provinsiale departement in die eerste plek te nader om by die afdeling uit te kom wat met landbou-ondersteuning en ontwikkeling werk.



Opleiding en advies vir nuwe varkboere

Die mees prominente en aktiewe organisasie is die Suid-Afrikaanse varkprodusente-organisasie (SAVPO), waaraan die meeste kommersiële produsente behoort. SAVPO brei nou hul lidmaatskap uit na die aspirant-kleintrop-afdeling van varkboere. SAVPO het toegang tot heffingsfondse wat bygedra word deur kommersiële boere en ingesamel word wanneer varke geslag word op 'n per-kop-basis. Hierdie fondse word, in samewerking met die regering, aangewend vir die bevordering van die varkveisbedryf en 'n persentasie word toegewys aan ontwikkelende boere vir aktiwiteite wat verband hou met opheffing en opleiding. Dis egter nie kontant vir die befondsing van nuwe besighede of voerkostes nie.

Die Pig Veterinary Society (PVS) is 'n groep van die Suid-Afrikaanse Veeartsenyvereniging wat in noue samewerking met SAVPO en kommersiële produsente, opleiding en adviserende kursusse, praktiese demonstrasies en beplanningsessies aanbied. Hierdie opleidingskursusse fokus op biosekuriteit, welsyn, voeding en behuising van varke, voorkoming van siektes en bestuur.

Die teel van varke

Die strategiese keuse van teelvarke kan help om 'n boerdery te verbeter deur byvoorbeeld groter werpsels, die verhoging van varkveis se kwaliteit en -uitset sowel as die voerdoeltreffendheid van die diere. Die sêe en bere wat uitgekies word moet gesond, mooi, in 'n goeie toestand, onverwant en oud genoeg wees.

Gesondheid

Teelvarke moet gesond wees. Soek dus tekens van ongemak, siekte en parasietbesmetting voordat jy nuwe diere in jou boerdery inbring. 'n Gesonde vark, volgens die SAVPO se handleiding, *Pigs for Profit*, haal normaalweg asem en moet nie hoës, nies of spoeg rondom die bek hê nie. Vark moet blink pelse hê, nie te veel krap of enige wonde, skurwe gekleurde kolle, verdikkings of vergroeiings hê nie.

Die beste is om varke van betroubare telers te koop, maar as jy op 'n veiling gaan koop moet jy die vark se oorsprong ken en 'n veeartsenykundige gesondheidsertifikaat aanvra. Bere wat tussen verskillende boere gedeel word, dra 'n hoër risiko om seksueel oordraagbare en ander siektes te hê. Maak dus seker dat hierdie varke gesond is voordat hulle in jou boerdery ingebring word. Nuwe bere en sêe moet vir ten minste vier weke in kwarantyn gehou word. Gedurende hierdie tyd moet hulle vir siektes geëvalueer word, behandel word teen parasiete en ingeënt word. Dit sal die verspreiding van parasiete en siektes in jou boerdery voorkom.

Liggaamshouding

Die varke moet nie enige gebrek of fisieke afwykings hê nie. Volgens die *Pigs for Profit*-handleiding moet teelvarke 'n sterk, reguit rug en sterk, reguit bene en pote hê. As hulle sukkel om te beweeg, is hulle nie geskik vir voortplanting nie. Die bere moet twee goed ontwikkelde testikels hê en opgewonde raak in die teenwoordigheid van 'n sog op hitte. 'n Sog moet ten minste tien prominente eweredig gespaseerde spene hê, terwyl 'n verbeterde sog ten minste 14 moet hê. Die sog moet ook 'n breë lyf hê met baie plek vir 'n groot werpsel.

Inteling

Inteling is wanneer naby verwante diere, soos broers en susters of ouers en hul nageslag met mekaar teel. Dit verhoog nie net die risiko vir genetiese abnormaliteite nie, maar het ook 'n negatiewe impak op voortplanting. Die Voedsel- en Landbou-organisasie van die Verenigde Nasies beveel aan dat volbloedvarke, wat vir teling gebruik word, nie 'n gemeenskaplike voorouer vir minstens vier geslagte terug in die stamboom mag hê nie. Produsente moet dus rekord van die stamboom op hul eie plase hou en versigtig wees om slegs bere te koop of te gebruik wat nie aan die varke in hul boerdery verwant is nie.

Liggaamskondisie

As jy die bene onder die vel kan sien, soos by die heup, skouer, ribbes en ruggraat, is die vark te maer. 'n Vark wat te vet is, kan moeilik voortplant en been- of pootprobleme ontwikkel.

Ouderdom

Die ouderdom van die diere moet ook in gedagte gehou word, aangesien dit 'n impak op die sukses van die voortplanting sal hê. Bere word gewoonlik aangehou totdat hulle drie jaar oud is. 'n Sog word geslag as die werpsels nie meer groot genoeg is nie of as daar voortplantingsprobleme is soos die sog wat nie op hitte gaan nie, die fetusse wat geaborteer word of as daar voortydige geboortes en doodgebore varkies is.



Aanvangskostes

Om 'n varkboerdery finansiële lewensvatbaar te maak, moet boere 'n mark vir hul varke verseker en die produksiekoste bereken voordat hulle begin. Die finansiering, grond, produksie-eenheid, voer, arbeid, medisyne, verkryging van varke, groeitempo, aantal varkies per werpsel, aantal varkies wat elke sog kan speen en die aantal sterftes is die hoof faktore wat die produksiekoste beïnvloed.

Om 'n kommersiële varkveisbedryf van nuuts af te begin of om dit van 'n ander boer te koop kan 'n groot finansiële las wees. SAVPO se *Pigs for Profit*-handleiding gee wenke om die kostes laag te hou. Boere kan baie klein begin met slegs 'n paar sêe vir 'n ekstra inkomste. Dit sal die boer in staat stel om die besigheid eers te leer ken voordat groot finansiële risiko's geneem word.

Om die aanvangskostes laag te hou kan boere slegs op 'n spesifieke deel van produksie fokus. Hulle kan self teel en die speenvarkies vir 'n spesifieke koper grootmaak of slegs die speenvarkies op ses tot tien weke oud koop en grootmaak vir slag.

Voerkoste

Volgens Danie Visser se *Modern Pig Production*-boek verteenwoordig voerkoste 70% tot 80% van die totale veranderlike koste van produksie in 'n kommersiële boerdery. Boere kan die voerkoste verminder deur hul eie voer te produseer en te meng of goedkoper voer naby aan hul produksie-eenheid te koop. Hulle kan byvoorbeeld byprodukte van 'n meule, die peule van 'n Suidwesdoring (Prosopis) of akkers vir die varke voer.

Om hul eie voer te produseer moet boere voldoende grond hê om dit te doen en ook die produksiekoste daarvan oorweeg, aangesien dit moontlik duur toerusting benodig. As daar van ander boere of besighede voer verkry word moet boere ook verseker dat die voer skoon is en geen gesondheidsrisiko's inhou nie. Dit sal ook help om met 'n voedingkundige of tegnikus te praat om 'n voer wat gebaseer is op die beskikbare hulpbronne te ontwikkel en om moontlike voedingstekorte te bestry. Varke sal nie ordentlik groei as hulle slegs toegang tot akkers of Prosopis-peule het nie.

Aantal verkope

Wingsgewendheid sal grootliks afhang van die aantal verkoopte varke. Dit sal weer beïnvloed word deur die aantal varkies wat per werpsel gespeen word, die aantal speenvarkies wat elke sog kan grootmaak en die aantal varke wat doodgaan voordat hulle verkoop word. Die aantal varkies wat gespeen word, sal afhang van die ras en of die varke goed gevoer is, asook die produksietoestande.

Volgens die *Modern Pig Production*-boek is die gemiddelde werpselgrootte in 'n intensiewe produksiestelsel ongeveer 11 tot 12 varkies, met die beste produsente wat meer as 28 varkies per sog per jaar in Suid-Afrika grootmaak. Om teelvarke versigtig te kies kan help om die aantal varkies wat per werpsel gespeen word te vermeerder asook om die gewig by geboorte te verhoog.

Hoe langer jy die varke in 'n boerdery aanhou, hoe duurder word dit om hulle te voer en hoe groter is die risiko dat hulle siek of beseer word. Boere moet dus die beste tyd identifiseer om hul varke te verkoop. Faktore waarna gekyk moet word, is die produksiestelsel, toestande, ras en groeitempo.

Wanneer om te verkoop

Diere kan te eniger tyd verkoop word, maar speenvarkies word tradisioneel op ses weke oud, as hulle 9 tot 10 kg weeg, verkoop om kontantvloei aan te help. Andersins op 10 tot 12 weke oud en as hulle ongeveer 25 kg weeg. Porkers (jong varke wat gevoer is om geslag te word) en baconers ('n swaarder, ouer vark wat geskik is daarvoor om ham en spek van te maak) word verkoop wanneer hulle ouer is. Porkers gewoonlik met 'n lewendige gewig van 70 kg en baconers met 'n lewendige gewig van 75 kg tot 95 kg.

Prysonderhandelings

Om 'n billike prys te bepaal, beveel die SAVPO in sy *Pigs for Profit*-handleiding boere aan om die huidige prys per kg vir baconers as beginpunt te gebruik. Die prys vir jong speenvarkies wat 9 tot 10 kg weeg, is gewoonlik sowat 24 keer die prys wat per kilogram vir baconers betaal sal word en ongeveer 30 keer vir speenvarkies wat omtrent 25 kg weeg. Die prys vir porkers is oor die algemeen hoër as vir baconers. Praat met ander boere om te hoor wat hulle kry en lees landboutydskrifte om jouself te vergewis van wat in die mark aangaan.

Waar om te verkoop

Dit sal 'n groot fout wees om net 'n varkboerdery te begin en dan te hoop vir die beste teen die tyd dat jy jou varke moet verkoop. Vir die beste resultate moet jy die regte mark identifiseer en verseker voordat jy groot bedrae geld in 'n boerdery belê. Wat makliker gesê as gedaan is, aangesien die meeste kopers eers die produk wil sien.

Jy kan deur middel van 'n agent werk. Hierdie agente verteenwoordig gewoonlik produsente by groot abattoirs vir 'n fooi. Hulle sal al die reëlings by die abattoir tref. Dit sluit die betaling van gelde vir die abattoir, inspeksie en gradering in. 'n Agent beding ook 'n prys vir jou varke op die dag van aflewering.

Nog 'n alternatief is 'n privaat kontrak met 'n slagter, verspreider of kleinhandelaar. Dit is 'n goeie opsie aangesien die pryse gewoonlik vasgestel is vir 'n spesifieke tydperk. Dit help om produsente teen daaglikse prysskommelings te beskerm. Die uitdaging hier is om 'n konsekwente verskaffing van kwaliteitvarke te hê. Produsente kan hierdie uitdaging oorkom deur saam met ander boere te werk en hul produkte dus saam te bemark.

Varke kan ook by veilings verkoop word, direk aan klein abattoirs soos hulle beskikbaar is of vir huislike gebruik.

Biosekuriteit vir kleinskaalse varkboere

Boere moet verseker dat hulle die nodige permitte het om die varke te vervoer anders kan die varke gekonfiskeer word. Die *Pigs for Profit*-handleiding waarsku teen verkope aan kopers wat van plaas tot plaas gaan om varke aan te koop. Daar is 'n baie hoë risiko dat hulle 'n siekte in jou boerdery kan inbring.

Wat is biosekuriteit?

Biosekuriteit is 'n stel maatreëls of reëls om te voorkom dat siektes op 'n plaas beland of dat siektes en siektekieme versprei word op die plaas.

Ernstige varksiektes

Aansteeklike siektes en baie parasiete kan vinnig versprei van vark tot vark en van varke na ander diere. Afrika-varkkoors of varkpes (ASF) en bek-en-klouseer (FMD) is voorbeelde van vernietigende siektes onder varke wat reuseverliese kan veroorsaak. Suid-Afrika het beide hierdie siektes onder ons nasionale varkbevolking wat groot skade aan die uitvoermark veroorsaak. Dit sou erger gewees het as die regering se veeartsenykundige departement nie streng kontrole oor alle aspekte van nasionale biosekuriteit in varkboerdery uitgeoefen het nie.

Daar is regulasies in die Dieregesondheidswet wat vereis dat eienaars van diere buitengewone getalle vrektes in hul troppe moet aanmeld by die kantoor van die naaste staatsveearts.

Hoe word varksiektes versprei?

Infeksies versprei op verskillende wyses van dier na dier, maar meestal weens noue kontak of besmetting van die omgewing. Siektes en siektekieme kan ook versprei word deur voer of behuisingmateriaal. In die meeste gevalle is dit deur kontak met siek of dooie diere, diarree of hoes, nies of deur dieselfde stuk grond, watertoevoer of besmette kos te deel. Infeksies kan soms versprei na afgeleë plekke of selfs lande deur die uitvoer van vleis en lewende diere.

Onthou dat infeksies en parasiete amper altyd kom vanaf ander varke, mense, skoene, voer, voertuie en peste.

Sommige organismes leef langer as ander, sommige word vernietig deur hitte, ontsmettingsmiddels, plaagdoders of uitdaging, maar dit vereis dikwels herhaalde skoonmaak en tyd (etlike dae) om effektief te wees.

Hoe om 'n biosekuriteitsstelsel te skep

Die sukses van 'n biosekuriteitsstelsel lê by die varkboere wat verstaan dat hul varke nie besmet sal raak as hulle weggehou word van ander varktroupe nie. Biosekuriteit op varkplase kan op die volgende wyses geïmplementeer word:

Bou 'n heining

Omhein jou eiendom deeglik sodat jou varke nie kan uitkom of ander varke van die omgewing nie kan inkom nie. As jou varke in 'n gebou gehou word, maak seker dat jy die afval, dreineringswater van afval en skoonmaakwater van die varkhokke op jou perseel hanteer. Gebruik varkmis en varkbeddegoed as kompos binne die heinings van jou plaas.

Weet waar jou varke vandaan kom

Moet nooit nuwe varke in jou trop inbring as jy onseker is oor waar hulle vandaan kom, of as hulle van spekulante afkomstig is nie. Selfs al bring hulle nie vernietigende siektes en parasiete in jou trop in nie, is daar 'n goeie kans dat hulle gewone varkprobleme anders sal wees as dié van jou varke. Raadpleeg jou staatsveearts of plaaslike dieregesondheidstegnikus (AHT) vir inligting.

Hou mense weg van jou varke

Dit sluit in bure, besoekers, verkoopsmense, slagters, spekulante, inspekteurs en regeringsbeamptes. Enigiemand wat 'n goeie rede het om op die plaas te wees en van plaas tot plaas beweeg, moet toegerus wees met beskermende klere en weggooibare skoene. (Plastiek-oorskoene is gerieflik en goedkoop). Dit moet ná gebruik op die plaas weggegooi word. Die meeste mense kan hul besigheid weg van die perseel af bedryf.

Voertuie wat gebruik word om varke op te laai, of voer en ander materiaal af te laai, kan dit doen deur 'n afsonderlike hek in die omheining by 'n spesiale laaibank. Hierdie laaibank moet die regte hoogte wees vir die voertuig en ook aansluit by die loopplank vir varke aan die binnekant.

Voer en medisyne vir varke

Varke het groot apte en is nie kieskeurig oor wat hulle vreet nie, maar hulle sal gesonder wees en vinniger groei indien ten minste die helfte van hul rantsoen bestaan uit die regte gebalanseerde voer van 'n koöperasie of voermaatskappy. As varkboere afvalkos (oorskietkos, kombuisafval en voedselitems wat oer as die 'best before date' is) wil voer, vereis regulasies dat alles eers vir 60 minute gekook moet word voordat dit aan die varke gevoer word. Hoegenaamd geen vark- of pluimvee-afval moet gevoer word nie.

Daar is medisyne en entstowwe wat al deel geword het van roetine-varkboerdery en dit kan 'n voordelige effek op produksie en gesondheid hê. Hierdie produkte is meestal duur en sommige vereis 'n voorskrif van 'n konsulerende veearts wat jou trop goed ken.

Waar om biosekuriteitsinligting te kry

Inligting oor varke is altyd beskikbaar deur die veeartsenykundige departemente, die Pig Veterinary Society, SAVPO sowel as die landboudepartemente in elk van die provinsies.



Let asseblief op:

Inligting is slegs gemik op opvoedkundige en inligtingsdoeleindes en mag nie aanvaar word as mediese advies nie. Die inligting is nie bedoel om mediese advies of behandeling deur jou veearts te vervang nie.

In hierdie artikel is artikels van die volgende webwerf gebruik:

<http://southafrica.co.za/af/hoe-om-varkboerdery-te-begin.html>

Chemiese Stooroplossings

Beskikbaar in verskillende variante, sterktes en konfigurasies, bied JoJo se reeks chemiese tenks 'n stooroplossing vir elke vereiste en toepassing.

ONS CHEMIESE REEKS SLUIT IN:



Stilstaande
Chemiese Oplossings



Mobiele
Chemiese Oplossings




Chemiese Mengoplossings

BESKIKBARE KLEURE:




Natuurlike
Wit



Blou Tint



Geel Tint



Groen
Tint

BESKIKBARE STERKTES:

- Chemies Medium (SG 1.4)
- Chemies Swaar (SG 1.6)

**Ons vervaardig ook sterker
variante op versoek.**

JoJo Tenks word spesifiek ontwerp vir verskillende doeleindes. Kontak ons vir aanbevelings en riglyne om die perfekte oplossing vir jou gespesialiseerde chemiese-graderingsvereistes te vind.

Beskikbaar by jou naaste VKB winkel.

VOORDELE:

- 1 Bestand teen UV-strale en chemikalieë
- 2 10-jaar waarborg
- 3 Ekstra-sterk polimeer aan die bodem van elke tenk ondersteun die druk van gestoorde vloeistof
- 4 Nou-gespaseerde ribbes versterk die bodem van elke tenk
- 5 Kleure is spesifiek ontwerp om die maklike besigtiging van die hoeveelheid vloeistof in die tenk toe te laat.



Ooreetsiekte

by koeie kan waardevolle diere eis

Ooreetsiekte by koeie kom voor wanneer onverteerde koolhidrate die voortplanting van bakterieë (*Clostridium perfringens* tipe D) stimuleer. Dit produseer skadelike gifstowwe in die koei se ingewande en kan die dier se dood veroorsaak.

Hierdie ongesteldheid kom tipies voor by koeie en ouer kalwers wat goed gevoed word, of by diere wat skielik groot hoeveelhede graan vreet, wat aanleiding gegee het tot die benaming ooreetsiekte.

Die maag van herkouers is 'n komplekse, fyn georganiseerde stelsel. Enige wanbalans lei tot probleme wat dringend aangespreek moet word. Anders kan die beeste ophou melk produseer of selfs vrek. Daarom is dit noodsaaklik om presies te weet hoeveel en watter soort voer aan beeste gegee moet word.

Omdat die oorlewingsyfer so laag is, moet koeie beskerm word deur 'n gereelde inentingsprogram – 'n aanvanklike stel inentings (gevolg deur 'n jaarlikse aanpor-inspuiting) wat hul liggame stimuleer om teenliggaampies te vorm teen die toksiene van die *Clostridium*-bakterie.

Hoekom ooreet so gevaarlik is vir koeie

Gebreekte graan is 'n hoë-kalorieprodukt en is nuttig vir beeste. Dis egter net goed as dit in matige porsies

ingeneem word. In die grootpens of rumen van die koei, waar kos die eerste keer binnekom, leef spesiale bakterieë wat help om kos te verteer. Die produk van hierdie proses is gasse wat die koei op natuurlike wyse vrylaat. Maar wanneer daar te veel van hierdie graanvoer gevreet word, kan die mikro-organismes nie hul taak voldoende verrig nie en sal die maag verstop raak, wat beteken die gasse bou op.

In sulke gevalle word die inhoud van die maag vrot, mikroflora word geaktiveer en die nuttige bakterieë sterf. Toksiene van verrottende kos begin die bloed van die dier binnedring, wat die liggaam sal vergiftig.

Aangesien gebreekte mielies, gars en ander graan baie koolhidrate bevat, word 'n groot hoeveelheid melksuur vrygestel tydens hul onbehoorlike verwerking. Daar ontstaan dan akute melksuursiekte. Die melksuur versprei saam met die bloed en vernietig die lewer.

As die koei nie gehelp word nie of dit neem toe, kan die dier binne 'n paar dae vrek.

Simptome van 'n koei met ooreetsiekte

As die dier te veel gebreekte graan geëet het, sal tekens van abnormaliteite in die spysverteringskanaal baie vinnig verskyn:

- die koei kom depressief voor;
- die linkerkantse flank is geswel;
- sy word lusteloos en rusteloos;
- sy het moontlik oormatige diarree;
- die nasolobiale spieël (bolip en neusarea) is droog; en
- as die dier probeer opstaan, kreun die dier.



Die dier toon gewoonlik nie enige koors nie, maar die toestand sal nie vanself verbeter nie. Sonder behoorlike behandeling sal die dier binne drie tot vyf dae afsterf.

Noodhulp

Die beste raad is om 'n veearts te kontak. Behandeling sal binnearse vloeistowwe, dosering met 'n koeksoda-oplossing of magnesiawater (milk of magnesia), intraruminale antibiotikum-inspuitings, tiamien- of steroïde-inspuitings en 'n operasie vir baie waardevolle diere behels.

Indien die dier deurgehaal word, is dit belangrik om te onthou dat die grootmaagwand sowat ses weke neem om te herstel. Diere sal dus in hierdie tyd nie veel groei nie.

Party diere kan dalk selfs sekondêre infeksies opdoen, waaronder absesse in die lewer en ander organe. Hierdie diere sal oor die lang termyn swak bly en moontlik van kant gemaak moet word.

Hoe kan graan-ooreting voorkom word?

Die beste is om grane stadigaan in die dieet van die koeie in te bring. Die hoeveelhede en die tyd wat dit neem om die koeie daarby te laat aanpas, sal afhang van:

die beskikbaarheid van hooi en ander voere;

die tyd van die jaar;

die tipe graan wat hulle gevoer word; en

die doel van die toediening van graanvoer (om hulle vet te maak vir verkoop of om kalwers te speen).

Daar is spesifieke antibiotiese middels op voorskrif beskikbaar om die bakterieë wat suurvorming veroorsaak

te verminder. Hierdie middels maak dit veiliger om graan gouer en in groter hoeveelhede toe te dien.

Riglyne vir die voorkoming van ooreting

Voer die diere daaglik graan tydens die bekendstellingsfase.

Maak seker dat daar te alle tye ook hooi en kuilvoer van goeie gehalte beskikbaar is en dat dit minstens 20% van die voer uitmaak.

Hou die koeie en kalwers dop vir tekens van diarree, depressie, lusteloosheid en lamheid wat sal aandui dat die hoeveelheid graan wat gevoer word, te vinnig vermeerder word.

Maak seker dat bloednier-inentings op datum is en dien inentings toe indien nodig voordat graan by die dieet gevoeg word.

Onthou, om die hartseer gevolge van ooreting te vermy, is dit belangrik om die voedingswaarde van beeste in ag te neem en nie kos te stoor waar koeie dit maklik kan bereik nie.

Bronne:

<https://www.agric.wa.gov.au/feeding-nutrition/grain-overload-acidosis-or-grain-poisoning-stock>

<https://animals.mom.me/signs-symptoms-of-overeating-disease-in-cows-12260936.html>

<https://af.redfeatherfarm.org/566-what-to-do-if-a-cow-overeat.html>

Gousiekte

is soos
sluipmoordenaar
onder vee



deur dr. Fofia Malan



Gousiekte is 'n siekte van beeste, bokke en skape en word gekenmerk deur akute hartversaking sonder enige vooraftekens. Siektetekens tree na vier tot agt weke (latente periode) ná die inname van sekere plante van die familie Rubiaceae in. Hierdie siekte word beskou as die vierde of vyfde mees belangrike plantvergiftiging van beeste en kleinvee in Suid-Afrika.

Siektetekens

Walker het in 1908 die tekens as volg beskryf: Diere wat besig is om te rus of wat rustig wei, sal skielik een of twee keer in die rondte draai, blêr of in die lug spring en dood neerval. As hulle dalk gewei het of besig was om te herkou, kan die koutjie nog in die bek gevind word. Diere vrek akute, vandaar die naam "gousiekte". Vrektes kan aangehelp word deur oefening en dit kan die gesondste diere wees wat omkom. Uitsonderings wat mag voorkom, is diere wat swak is. Hulle raak agter in die kudde, loop waggelend, haal moeilik asem en kan onderhuidse swelling hê. Herstelkans is raar.

Gifstof

Dr. Neil Fourie het die gifstof pavetamien geïsoleer. Die gifstof veroorsaak dat die normale spierweefsel veral in die hart (endokardium) verplaas word deur fibrotiese weefsel en dat daar ronde selle is wat die gesonde weefsel binnedring. Die primêre letsel in gousiekte is die inhibering van die sametrekkende meganisme van die hele

hartspier en gevolglik tree hartversaking in. Studies in rotte het aangetoon dat pavetamien die vervaardiging van proteïene in die hart inhibeer.

Plante wat die vergiftiging veroorsaak:

Pachystigma pygmaeum (harige gousiektebossie)



Die gousiektebossie op die Hoëveld verkies rooi sanderige grond en klipveld terwyl die plant in die oostelike Hoëveld en Waterberg-distrikte van Limpopo in dolomiet- en sandsteenareas voorkom.

Pachystigmathamnus (Natal gousiektebossie, glatte gousiektebossie)



Die plant groei dikwels saam met die harige gousiektebossie, veral in Gauteng en Mpumalanga. Die plant verkies swak sanderige grond om in te groei.

Pachystigma latifolium (breëblaar-gousiektebossie)



Die plant kom voor in oop en klipperige grasvelde, die grasbanke van strome, rivierbosstroke of die kussandstroke.

Fadogia homblei (wildedadel)



Die plant kom algemeen voor op wit, grys of bleek gronde in noordelike Gauteng en aangrensende dele van Mpumalanga- en die Limpopoprovinsie. Kom ook voor in die Magaliesberge en oostelike eskarpement van Swaziland tot die Soutpansberge en noordwaarts tot in Limpopo en tot in Sentraal Afrika.

Pavetta harborii (Tonnabossie)



Tonnabossie groei in diep sanderige grond veral in suidelike Botswana, noord-wes Limpopoprovinsie naby Rooibokkraal, Ellisras en Soutpan.

Pavetta schumanniana (gifbruidsbos, gousiekteboom)



In Suid-Afrika groei die plant in die suurbosveld van Limpopoprovinsie, Mpumalanga, en Noord KZN en hou veral van rotsagtige plekke of heuwelhange.

Vergiftiging

Gewoonlik moet groot hoeveelhede van die plante ingeneem word om vergiftiging te veroorsaak, maar uitsonderings kom voor dat 'n enkel dosis fataal kan wees. Daar is 'n geval gerapporteer waar 60% van 1 761 skape gevrek het nadat hulle vir minder as 24 uur aan gousiektebossies blootgestel was. Die dodelike dosis van harige gousiektebossie was 175 g/kg tydens 'n proef, maar sommige skape wat 47 g/kg oor 'n dag ontvang het, het ook gevrek. Uitdroging van die blare het ook die dosis drie tot vier keer laat afneem. In bokke was die toksiese dosis van droë gladde gousiektebossie 210-500 g/kg met 'n latente periode van 51 tot 93 dae. Wildedadel het vrektes in beeste veroorsaak teen ongeveer 53 g/kg gedroogde materiaal.

In al die eksperimente wat gedoen is, is gevind dat daar verskille in vatbaarheid tussen diere was. Plante verskil ook in hul gifigheid tydens jare en selfs binne 'n seisoen. Daar is gevind dat waar beeste wildedadel wat in die lente gepluk is, gevoer is met 20% van hulle liggaamsgewig, hulle gevrek het terwyl wildedadel wat in die winter gepluk is nie vergiftiging veroorsaak het nie al het hulle hul eie liggaamsgewig plante geëet. Gifigheid kan ook beïnvloed word deur lokaliteit, grondtipe en klimaatsomstandighede.

Omgewingsomstandighede en gousiekte

Die voorkoms van gousiekte is hoog wanneer weerstoestande en bestuurspraktyke die voorkoms van die gousiekteplante bevoordeel. As die vroeë somer droog is, verskyn die harige gousiektebossie in groot getalle in Januarie en Februarie, wat groot vrektes tot gevolg het. Algemeen gestel, die hoeveelheid gousiekteplante wat gevreet word, sal afhang van die kondisie van die weiding.

Gousiekte is 'n groot probleem waar oorbeweidings voorkom. In suurbosveld waar die grasse onsmaklik begin word, kan gousiektebossies in die laatsomer gevreet word. In die suurbosveld waar veld jaarliks gebrand word, word die groei van wildedadel ook gestimuleer, veral voor of net ná die eerste lenterereëns, en vrektes kom voor. Vergiftiging deur tonnabossie en gousiekteboom kom deur die jaar voor as weiding skraps begin word. Vergiftiging stop ná die eerste ryp.

Uitroeijing en voorkoming

Al is die veld hewig geïnfecteer met die harige gousiektebossie is die verdere verspreiding van die bossie deur saad of uitbreiding vanaf die huidige bossie baie stadig. Vrugte word deur insekte geparasiteer en gevreet deur diere. Verwydering van die sagte weefsel lei tot uitdroging en swamgroei.

Die sade moet blykbaar deur grond bedek word voordat hulle kan ontkiem. Deur bewerkbare grond gereeld te ploeg, kan die plante uitgeroei word. Deur plante uit te graawe op weiding sal ook die probleem verminder.

Gousiekte kan beheer word deur goeie weidingsbestuur. Skape beweie die harige gousiektebossie meer gereedlik as beeste en deur skape en beeste saam 'n kamp te laat beweie, beskerm skape die beeste van te hoë innames. Intensiewe beweidings van gevaarareas voorkom dat individuele diere te veel van die plante inneem.

Omdat die plante baie stadig groei, kan herhaalde beweidings van skape die gousiektebossies binne nie-giftige vlakke hou.

Baie min is gepubliseer oor die chemiese beheer van gousiektebossies. Herbisiede wat fenak of pikloram bevat, het aangetoon dat hulle die gousiektebossies beheer sonder om omliggende grasse skade aan te doen. Die beste tyd om die middels toe te dien, is in die herfs wanneer aktiewe groei van die plante gestaak het. Indien vermoed word dat diere gousiektevergiftiging opgedoen het, kan hulle voorkomend geslag word in die lang latente periode voordat hulle moontlik kan vrek.

Die vleis van hierdie diere kan dan nog gebruik word. Dr. Neil Fourie het gevind dat deur aspertaat transamina se aktiwiteit in die bloed deur 'n veearts te laat toets, verhoogde waardes sal aandui of die dier gousiektevergiftiging opgedoen het.

Bron:

Kellerman, T.S., Coetzer, J.A.W., Naude, T.W. and Botha, C.J. 2005. Plant Poisonings and Mycotoxicoses of Livestock in Southern Africa. Oxford University Press. ISBN 978 0 19 57613 4

Hierdie artikel het verskyn op die webblad <http://hulp.landbou.com/kundiges/vra-vir-faffa/gousiekte/>



Veegesondheidsplan vir elke rooivleisprodusent

So lui die opskrif van 'n handleiding vir die stapsgewyse ontwikkeling van 'n geskrewe veegesondheidsplan en biosekuriteitsplan op plaasvlak.

Onder leiding van die bestuurder, dr. Danie Odendaal asook lede van die Veegesondheid en Produksiegroep (VGPG) van die Suid-Afrikaanse Veterinêre Vereniging en die Rooivleisprodusente-organisasie (RPO), is 'n konsepplan opgestel. Hierdie plan is beskikbaar gestel aan lede van die VGPG.

Rede vir die plan

Rooivleisprodusente is op hulself aangewese vir die beheer van meeste siektes wat 'n direkte invloed het op plaasvlak. Vir doeltreffende ondersteuning in siektebeheer deur 'n veearts is dit nodig dat die veeprodusent self 'n volledige opsomming maak van die veegesondheidsprobleme op 'n spesifieke plaas, asook die huidige beheer daarvan. Daarna kan 'n veearts aksiestappe voorskryf vir beter beheer en monitering daarvan en voorkoming van siektes wat nog nie op die plaas teenwoordig is nie.

Tans is daar baie min kleinvee- en vleisbeesplase wat oor so 'n geskrewe veegesondheidsplan beskik. Aan die produsentekant hou die ontwikkeling van 'n geskrewe veegesondheids- en biosekuriteitsplan direkte produksievoordele in. Die voorkoms van sekere siektes wat vroeër baie doeltreffend beheer was, is weer aan die toeneem. Daar is ook nuwe siektes wat die land ingekom het en wel verder kan versprei indien rooivleisprodusente nie ingelig is of voorbereid is om die verspreiding daarvan te voorkom nie.

Die verbruiker van rooivleis is tans ook meer ingelig en verwag dat veegesondheid en welsyn van diere op plaasvlak volgens 'n gestruktureerde plan bestuur moet word. Hierdie verwagting beperk tans nie marktoegang nie en daarom was daar tot nou toe nie 'n insentief of behoefte om so 'n geskrewe plan in plek te stel nie.

Die bestaan van so 'n plan sal wel van deurslaggewende belang wees sodra 'n voorval voorkom wat die veiligheid van rooivleis of die welsyn van diere in gedrang bring. Die mediadekking in vandag se elektroniese era maak dit moontlik dat meeste verbruikers van rooivleis baie gou ingelig word en gewoonlik oorreageer.

Wanneer verbruikerswantroue ontstaan, sal marktoegang beperk word tot die produsente wat bewys kan lewer dat veegesondheid en welsyn op plaasvlak volgens 'n geskrewe program bestuur word.

Wat is 'n veegesondheidsplan?

'n Veegesondheidsplan is 'n skriftelike beskrywing van al die aksies wat geneem moet word vir die bestuur van siekteveroorsakende faktore wat reeds aanwesig en geïdentifiseer is, ten einde die gezondheid, welsyn en produksie van diere te beskerm, asook die gezondheid en heilsaamheid van produkte afkomstig van die diere te verseker. 'n Basies geskrewe veegesondheidsplan is 'n voorvereiste vir die opstel van 'n biosekuriteitsplan wat 'n verdere uitbreiding van die bestaande veegesondheidsplan is.

Wat moet verstaan word omtrent biosekuriteit?

Biosekuriteit is die aksies wat geneem word om te voorkom dat nuwe siektes 'n plaas binnekom of om te voorkom dat dit vinnig binne 'n kudde of tussen kuddes op 'n plaas versprei indien dit wel ingekom het.

Nasionale basis

Die staat is verantwoordelik vir die beheer van biosekuriteit op 'n nasionale basis deur:

1. Die beheer oor die invoer en uitvoer van lewende diere.
2. Die beheer oor die invoer van ander produkte wat siekteveroorakende faktore kan bevat, soos voedingstowwe of kombuisafval vanaf internasionale skepe of vliegtuie.
3. Die beheer van siektes wat op 'n nasionale basis produksieverliese of vrektes kan veroorsaak, soos byvoorbeeld bek-en-klouseer, deur die beheer van diere uit die "rooigebied" (area waar bek-en-klouseer voorkom).
4. Siekte-uitroeïngskemas soos die brusellose- en tuberkulosekema wat hoofsaaklik daarop gerig is om te voorkom dat siektes vanaf diere of diereprodukte na mense oorgedra word.
5. 'n Lys van beheerde siektes van diere is verkrygbaar by: www.nda.agric.za. Klik op Regulatory and other services, klik op Veterinary services, klik op Animal health – Disease control – Controlled diseases en klik op Animal diseases controlled.

Plaasvlak

Sekere siekteveroorakende faktore hou nie 'n gevaar in vir die nasionale rooivleisbedryf of ander bedrywe (soos uitvoervrugtebedryf) nie en moet deur die rooivleisprodusent self op plaasvlak beheer word. Hierdie siektes het ook 'n direkte invloed op die produksieprestasie en dit word nie alleen beheer deur medisyne of entstowwe nie. Goeie bestuur tydens die verskillende fases van die produksiesiklus is van baie groot belang vir die beheer of voorkoming van die toestande. Voedingsbestuur is die hoeksteen van veegesondheid en voorkoming van produksieverliese.



Benaderings tot veegesondheid en biosekuriteit


Daar is vier benaderings tot veegesondheid en biosekuriteit, naamlik:

1. Verhoging van die diere se algemene weerstand teen siekteveroorakende faktore:
 - Goeie parasietbeheer op inwendige en uitwendige parasiete
 - Goeie voedingsbestuur – makrovoeding en mikrovoeding
 - Vermindering van stres gedurende kritieke periodes van die produksiesiklus – kalwings/lamseisoen, dek-/paarseisoen en speen
2. Verhoging van die diere se spesifieke weerstand (immuniteit) teen spesifieke siekteveroorakende faktore:
 - Entingsprogram
 - Genetiese seleksie
3. Vermindering of vermyding van die blootstelling aan siekteveroorakende faktore:
 - Seisoenale parasietbeheer
 - Toets en uitskot van draerdere
 - Vroeë waarneming, behandeling en afsondering van siek diere sodat daardie 'n groot aantal siekteveroorakende organismes gevorm word wat dan weer versprei na ander diere nie. Korrekte diagnose, korrekte medisyne en die gebruik daarvan
 - Wegdoen van dooie diere
 - Aankoop van diere met 'n bekende gesondheidstatus
 - Kwarantyn
 - Sanitasie en ontsmetting
 - Beheer die beweging van mense en voertuie
 - Beheer die beweging van diere
 - Goeie lyndrade
4. Kennis van siektes en siekteveroorakende faktore:

Kennis van die belangrikste siekteveroorakende faktore ten einde dit beter te kan beheer of te kan voorkom

 - Vroeë waarskuwingstelsel

Skakel met u veearts om u te help om met die opstel van u eie program te begin.



MAAK STIL DAAI HOND WAT SO BLAF!

deur dr. Quixi Sonntag BVSc Hons PGCHE Med,
Universiteit van Pretoria: Fakulteit Veeartsenykunde

Kla jou bure gedurig oor jou honde wat kwansuis onophoudelik blaf? Dryf 'n buurman se honde jou tot raserny deur hul voortdurende gekef? Oormatige geblaf van honde word 'n baie algemene probleem. Soos meer mense met hul honde na hoëdigheidsbehuising trek, word mense al meer nadelig geraak deur 'n geblaffery.

Sommige honderasse word as waghonde geteel en blaf om sodoende hul gebied te beskerm. Die Duitse Herdershond is hiervan 'n voorbeeld. Ander honderasse is weer baie waaksaam en sal meer geneig wees om vir die geringste vreemde geluid of verskynsel te blaf, soos byvoorbeeld terriërs en worshonde.

Wanneer hierdie honde 'n geritsel hoor of 'n skielike, vinnige beweging waarneem, mag hulle aanhou blaf totdat die oorsaak van die steurnis verwyder is. Om die oordadige geblaf tot meer aanvaarbare vlakke te verminder, kan sekere stappe geneem word.

Verskaf meer stimulasie

Verskaf meer speelgoed en selfs groot murgbene om aan te kou, indien hulle nie van speelgoed hou nie.

Wissel die speelgoed af deur elke dag iets anders te gee. "Buster cubes" en "Kongs" werk uitstekend om verveling hok te slaan.

Meer oefening deur te stap en interaktiewe speletjies sal jou aktiewe blaffer moeg maak en help om hom rustiger te hou.

Alle honde behoort daaglik goeie fisieke oefening te kry. Daaglikse opleidingssessies en bywoning van 'n goeie hondeskool sal ook stimulasie verskaf.

Praktiese bestuur: spreek die oorsaak van die blaffery aan

Verwyder die hond se blootstelling aan visuele en hoorbare prikkels wat hom laat blaf.

Die probleem mag dalk opgelos word deur die hond binnenshuis te hou. Die meeste honde kan gedurende die dag tot vier ure in die huis gehou word (minder vir klein hondjies). Laat altyd speelgoed by honde wat so toegemaak word. Nagblaffers voel soms alleen en om hulle binne te laat slaap naby die mense, mag help.

Indien jou hond wild opgewonde raak wanneer die deureklokkie lui, moet hy geleer word om anders teenoor besoekers op te tree. Begin deur die hond te leer om saam met 'n gunstelingspeelding stil te sit naby die deur. Laat iemand die klokkie lui sonder om die deur oop te maak.

Beloon die hond vir die stilsit met 'n klein maar smaaklike happie. Herhaal verskeie kere voordat die persoon binnekom. Die besoeker moet die hond ignoreer en slegs beloon as hy

homself goed gedra. Dit verg toewyding, maar dit is die moeite werd!

Spreek oorsake van moontlike angs aan

Sommige honde blaf net onophoudelik wanneer hulle alleen is, amper van die oomblik dat hul eienaars die huis verlaat. Hierdie honde ly aan 'n kondisie bekend as skeidingsangs. Hulle is nie stout of verveeld nie, maar het 'n ernstige gedragsafwyking wat op verskillende vlakke aangespreek moet word. Dit sluit soms medikasie vir etlike maande in. Professionele hulp sal in sulke gevalle nodig wees.

Aandagsoekende blaffery

Sommige honde het agtergekom dat hulle aandag kry wanneer hulle blaf! Selfs 'n negatiewe reaksie word deur hulle as aandag beskou. Sodanige aandagsoekende gedrag kom per definisie slegs voor in die teenwoordigheid van mense, om hul onmiddellike reaksie te kry.

Wanneer jou blaffer nie blaf nie, moet jy seker maak dat hy lekker beloninkies en positiewe interaksie soos speletjies speel ontvang. Wanneer hy wel blaf (of enige ander aandagsoekende gedrag soos om teen jou op te spring) openbaar, moet jy nie daarop reageer nie – kyk anderpad, bly stil, draai jou rug op die hond totdat hy ophou met die gedrag en beloon hom dan dadelik omdat hy stil is.

Lei ook sy aandag van sy blaffery af deur 'n speelding wat hy kan kou. Terselfdertyd moet jy seker maak dat jy genoeg kwaliteit-aandag aan jou hond gee sodat hy nie 'n rede het om aandag te soek nie.

Anti-blafkrae en chirurgie

Die gebruik van anti-blafkrae, sitronella, water of sigeluide kan baie effektief wees, maar hulle spreek slegs die simptome aan en nie die regte probleem nie. Elektriese anti-blafkrae word nie aanbeveel nie omdat mens die risiko loop om die probleem te vererger of onderliggende angs te skep.

Chirurgiese verwydering van die stembande is onaanvaarbaar vir sommiges en vir ander weer 'n wonderlike oplossing. Dit sal sekerlik die bure kalmeer, maar steeds nie die oorsaak van die geblaf aanspreek nie. Hierdie opsie is 'n persoonlike besluit wat saam met jou veearts geneem moet word.

Wees realities

Sommige honde is bloot nie geskik vir die omgewing waarin ons hulle plaas nie. 'n Hoogs aktiewe hond wat baie blaf en lyk of hy nie kan kalm optree nie, mag beter aard in 'n meer stimulerende omgewing. Verhuising mag 'n moeilike besluit wees, maar kan dalk beter lewensgehalte vir die hond beteken.

Dr. Sonntag is 'n lektor in dieregedrag, welsyn, voeding en gemeenskapsbetrokkendheid.

Do you feel lucky, PUNK?

NUUT

*Uiteindelik die regte wapen om
ornamentele plante in jou tuin
te beskerm teen menige
peste en plaë.*

PLAE, WEES GEWAARSKU!



VIR DIE BEHEER VAN



PLANTLUISE



BONT MIELIEKEWERS



AUSTRALIESE WOLLUIS



SWART MIERE



BRUIN MIERE



BRUIN LENTEKEWERS




LANDMETER WURMS



SAGTE BRUIN DOPLUISE



BLAASPOOTJIES



WITVLIEG

Kliëntediens tel.: 086 133 3586 | info@efekto.co.za | www.efekto.co.za

Registrasiehouer: Agro-Serve (Edms) Bpk. Reg. Nr. 1973/000868/07. Versprei Deur: Efekto Care (Edms) Bpk. Reg. Nr. 2009/006357/07, Posbus 652147, Benmore 2010. Garden Gun™ Reg. Nr. L6346 N-AR0518 Aktiewe bestandele: Esbiothrin (Piretroïd) 1,0 g/l, Deltametriën (Piretroïd) 0,2 g/l. VERSIGTIG. Produk is geregistreer deur Wet 36 van 1947.



GARDEN & HOME PEST CONTROL

1 Vye

maak 'n welkome terugkeer tot die kostafel

Lank gelede het talle agterplase in ons land ten minste een vyeboom gehad, maar toe gaan vye half "uit die mode". Maar volgens die Suid-Afrikaanse Vyeprodusente-vereniging (South African Fig Producers Association – Safpa) met sy bietjie meer as 30 plaaslike vyeboere as lede, is Suid-Afrika vandag een van die grootste uitvoerders van vye oor die sewe vastelande heen – veral na Europa en Asië – omdat vye in warm, droë klimate gedy en baie son nodig het om ryp te word. In 2018 is 380 ton vars vye hiervandaan uitgevoer. Hannelie Cronjé het meer oor dié vrug gaan nalees.

Argeoloë het tekens van gefossileerde oorskot van die kommersiële gebruik van vye gevind wat tot 5 000 gelede terugdateer, 'n skamele 2 000 jaar ná die eerste rekords van die beskaafde mensdom. Die eksotiese vy, soos wat dit in kulinêre resepte gebruik is, dateer terug tot die Soemeriese tablette sowat 25 000 jaar gelede en baie geskiedkundiges beskou dit as die eerste van alle gewasse vir huishoudelike gebruik.

Behalwe dat vye smaaklik is, is dit ook ryk aan voedingswaarde met hoë konsentrete kalium, yster, vesel en kalsium en sekere dele van die vrug word ook as ontwateringsmiddel aangewend.

Die vyeboom kan tot 100 jaar oud word en kan vir die volle tydperk dra as dit reg versorg word.

Gedroogde vye word in baie lande in veral beesvleisgerigte gebruik terwyl meestal vars vye vir soetgebak of in slaai gebruik word omdat dit met lieflike pers, liggroen tot bruin pulp spog wat kleur verleen.

Dit aard veral in die suide en weste van die VSA, die Middellandse See-gebiede en Noord-Afrika waar die klimaat gematig tot droog is. Die vyeboom gedy in die son en dit verg baie ruimte om te groei.

Produksie van vye

Die produksie van vye vir vars gebruik is 'n relatief nuwe landboupraktik. Vye vir droog en prosessering het 'n aansienlik langer geskiedenis.

'n Sensus wat in 1946 deur die plaaslike Sagtevrugteraad uitgevoer is, het gevind dat daar 618 000 vyeboome in Suid-Afrika was. Dit was 4,6% van die altesaam 13 344 000 sagtevrugteboome in Suid-Afrika. Teen 1960 het hierdie getal afgeneem tot net 73 000 boome of 0,4% van die totaal terwyl ander sagtevrugteboome toegeneem het met byna 25% tot 17 161 000.

Die Droëvrugteraad was bekommer oor die voortgesette afname, maar destyds kon droë vye wat reeds verpak was, van Turkye af ingevoer word teen 54 sent per kilogram terwyl plaaslike boere 36 sent per kilogram droë vye sonder enige verpakking betaal is, wat dit goedkoper gemaak het om dit in te voer.

Die Sagtevrugteraad en die inmaakbedryf het die Landbounavorsingsraad aangemoedig om beter variëteite vyeboome in te voer sodat dit onder plaaslike omstandighede in Citrusdal en Robertson in die Wes-Kaap getoets kon word. Die Landbounavorsingsraad het toe geld beskikbaar gestel en nuwe variëteite is in 1970 en 1981 ingevoer vanaf Kalifornië.

In 1973 is daar met die toetslopie begin en teen die einde daarvan in 1991 was daar baie min belangstelling in die boerderygemeenskap om vye vir droging of vir inmaak aan te plant.

Om met vye te boer

Volgens 'n artikel in die Landbouweekblad van 18 Mei 2018 word Avril de Villiers, voorisster van Safpa aangehaal.

“Weens die bederfbare aard van vye is dit waarskynlik die moeilikste varsprodukt om mee te boer en te versprei, maar dis 'n lekker uitdaging vir produsente met 'n liefde vir boerdery en mense.”

Só sê mnr. Avril de Villiers, voorsitter van die Suid-Afrikaanse Vyeprodusentevereniging (SAFPA).

Volgens De Villiers is die plaaslike vyebedryf sowat 250-300 ha groot, waarvan byna 90% van die aanplantings die Evita/Parisienne-vy uitmaak. Die res is die Ronde du Bordeaux-kultivar, 'n babavy wat veral geskik is vir slaaie of versiering en wat vroeg geoes word. Albei is egter Mediterreense sagteskilkultivars.

“Die bedryf is redelik stabiel, met organiese groei wat plaasvind. Daar is min nuwe toetreders, maar die ouens wat dit regkry om met vye te boer, gaan goed aan,” sê hy.

'n Suid-Afrikaanse vyeboerdery is gemiddeld 6-10 ha groot. Tans word sowat 53% van die totale oes na Brittanje uitgevoer. Sowat 20% beland in Europa en nog soveel in die Verre-Ooste. Die res (sowat 100 ton) word plaaslik, in die Midde-Ooste en Kanada verkoop.

“Nuwe markte word stadig ontwikkel omdat vye 'n luukse en duur produk bly weens die lugvragkoste. Die binnelandse mark het wel die afgelope vyf jaar elke jaar bykans verdubbel.”

Volgens die artikel heers daar groot opgewondenheid oor nuwe vye-aanplantings in die omgewing van Rustenburg en Brits.

“Die seisoen loop van Januarie tot Mei, maar ons glo met die nuwe aanplantings kan ons dit rek van Desember tot Junie, en ook help om die oesspitstye meer gelyk te trek,” sê De Villiers.

Die noordelike produksiegebiede sal die vroegste vye oplewer, terwyl die omgewing van George en Kammanassie die laat vrugte sal lewer.


De Villiers sê vye verkies beslis droër klimaatstreke en die somerreën in die nuwe aanplantingsgebiede sal goed bestuur moet word. “Om sukses te behaal met vyeproduksie, moet boere van meet af aan weet dis 'n arbeidsintensiewe gewas wat absolute doelgerigheid in oestyd verg — sewe dae van die week.

“Dit moet 'n gewas wees wat voorrang geniet, nie 'n tweede of derde vertakking wat nie aandag kry nie. Boere moet besef hulle is vyeboere en daarop klem lê. As jy vye soos 'n afskeepkind gaan behandel, gaan dit uiteindelik 'n afskeepkind raak.”

Mediterreense liefingkos

In die vroeë 1990's is vars vye, wat vir eeue lank 'n bekende gesig en baie gewild was onder verbruikers in lande rondom die Mediterreense See waar dit verbou is, al hoe meer in supermarkte in Engeland en Europa verkoop.

Met hierdie kennis het Keith Wilson in die laat 1990's begin om die lewensvatbaarheid van die verbouing van vars vye in Suid-Afrika vir uitvoerdoeleindes te ondersoek en in 2001 die beste variëteite van die vyekenner Pierre Baud se versameling uit Frankryk ingevoer en teen die einde van 2003 is die eerste boord op Backsberg naby die Paarl aangeplant. Van hierdie boord af is die eerste vars vye in 2007 na die Verenigde Koninkryk uitgevoer.



Om 'n vyeboom te plant

As jy egter nie beplan om op groot skaal met vye te begin boer nie, kan jy steeds jou eie vyeboom of twee aanplant om die vrug te geniet.

Die keuse van 'n variëteit gaan gewoonlik afhang van die een wat die beste in jou streek sal groei en die beste weerstand teen die elemente sal bied.

Vye kan omtrent enige plek gekweek word, solank die temperatuur nie te laag daal nie. Hulle aard egter beter in warm areas, met reënval in die winter.

Die bome hou van diep, vrugbare grond wat goed dreineer. Die bome het 'n uitgebreide wortelstelsel, so moet dit nie te naby aan geboue plant nie.

Berei die gat voor soos vir ander vrugtebome, maar voeg 'n hand vol superfosfaat by asook kompos. Gee die boom 'n toediening 2:3:2 in die lente. Maak die gat diep genoeg sodat daar so 5 cm van die plant bo die grond sal uitsteek. Knip van die oortollige wortels om die rante af, aangesien dit vrugteproduksie verminder. Plaas dan die wortels in die gat en versprei dit versigtig weg van die stam. Vul die areas hieronder en om die boom met grond en maak die grond stewig en gelyk sodat die plant stewig staan.






Maak die plant die eerste paar dae goed nat. Vyeboome hou egter nie van te veel water nie, so ná hierdie eerste paar dae kan dit net een of twee keer per week matig natgelei word.



Verwyder onkruid gereeld en dien elke vier tot vyf weke kunsmis toe. Gooi ook 'n deklaag van 10 tot 15 cm om die boom wat die grond eweredig bedek. In die somer sal dit help dat vog ontsnap en in die winter beskerm dit die boom teen koue en ryp.

Snoei die vyeboom wanneer nodig. Dit is raadsaam om eers in die somer van die boom se tweede jaar te snoei sodat daar net vier sterk takke is. Dit sal vrugtevorming bevorder.

Wanneer jy die vrugte kan begin oes, pluk dit wanneer dit heeltemaal ryp is omdat dit net soos perskes, nie sal ryp raak as hulle eers gepluk is nie. 'n Ryp vy sal effens sag en krom naby die stam wees. Die kleur van die skil sal afhang van die variëteit. Verwyder die vye saggies van die boom. Dra handskoene wanneer jy die vye afpluk of afsny, aangesien die sap wat vrygestel word 'n natuurlike velirriteerder is.



Wenke

Pluk die vrugte sodra hulle ryp is om nie insekte en ander plae te lok nie.

Vermyn die gebruik van kunsmis met te veel stikstof.

Plant die vyeboom teen 'n suidelike muur om voordeel te trek uit die weerkaatsende hitte en die boom teen moontlike ryp te beskerm.

Hou die bome nat in droë weer as dit vrugte dra. Dit sal verhoed dat die vrugte oopbars.

Vye is vatbaar vir skade weens koue. Nuwe groei kan by temperature van 12°C beskadig word. Lang blootstelling by hierdie temperature kan ou en nuwe groei beskadig, maar die wortelstelsels sal nie geaffekteer word nie en nuwe groei sal in die volgende seisoen weer vorm. Oor die algemeen hou vye van sonskyn. Moet hulle dus nie naby iets plant wat baie skaduwee maak nie.

Vye is nie juis kieskeurig as dit by grondvereistes kom nie. Hulle kan in amper enige grondtipe groei, maar verkies los, effens sanderige, maar vrugbare grond. Hulle kan selfs aanpas by suurgronde.

Omdat vyeboome goed gevormde wortelstelsels het, weerstaan hulle maklik droë toestande hoewel hulle goed vaar onder hoë lugvogtoestande. Vermyn indien moontlik sprinkelbesproeiing, aangesien dit blaarsiektes tot gevolg kan hê.

Vye het ook nie spesiale bemestingvereistes nie. Al wat gewoonlik nodig is, is 'n bietjie kaliumbemesting. Oppas vir te veel stikstof, dit sal vegetatiewe groei (blaargroei) bevorder en vrugtevorming benadeel.

Bestuiwing van vyeboome word deur verskillende wespesoorte gedoen, en die wespespesie is gewoonlik baie spesifiek vir die vyesoort en vir die area waarin hulle groei. Die vrugte word deur die vroulike bome geproduseer terwyl die manlike bome gewoonlik die bestuier dra.

Vyeboome is geharde bome en word selde of ooit deur siektes of insekplae aangeval.

Hoe droog ek vye?

Vye is ryk aan yster, kalsium en kalium en bevat meer vesel as die meeste groente en vrugte. Deur vye te droog, preserveer jy die soet smaak en dit kan vir maande gehou word.

Vye kan in die son, in die oond of in 'n dehidreerder gedroog word.

Droging in die son

1. Spoel die ryp vye deeglik af. Die beste aanduiding dat 'n vye heeltemal ryp is, is wanneer dit van die boom afval. Spoel met koel water om vuilgeid te verwyder, en druk droog met papierhanddoek.
2. Sny die vye middeldeer van stammetjie tot onderkant. Dit sal help om die vye vinniger te laat droog. Sny ook alle merkies op die skil af.
3. Plaas op 'n draad- of houtrakkie wat met kaasdoek bedek is. Om behoorlik te kan droog moet die vye lug van bo én onder kry, daarom moet dit nie op 'n soliede oppervlak geplaas word nie. Plaas die vye met die snykant na bo op die kaasdoek. Jy kan ook heel vye aan sosafiestokkies ryg en dit in die son hang. Gebruik wasgoedpennetjies om die stokkies aan 'n wasgoedlyn of aan boomtakies te hang.
4. Bedek die vye met kaasdoek, om dit teen insekte beskerm terwyl dit uitdroog plak die kaasdoek met kleeflint vas indien nodig om seker te maak dit gaan nie los nie. As jy die vye ophang, gaan jy dit nie met die kaasdoek kan beskerm nie.
5. Plaas die rak in volle son deur die dag. Hierdie metode werk die beste wanneer dit baie warm en droog is. Moenie die vye in die skadu plaas nie, want dan sal dit nie so vinnig droog word nie en kan dit vrot raak voordat dit behoorlik gepreserveer is. Bring die vye saans in die huis in om klamheid in die naglug te vermy.
6. Plaas die vye vir twee tot drie dae in die son. Draai die vye elke oggend om sodat dit op al die kante eweredig kan uitdroog. Die vye is gereed wanneer die buitekante soos leer voel en daar nie meer enige sappe uitloop wanneer dit gedruk word nie. As die vye taai bly, kan jy die proses in die oond voltooi.
7. Bêre die vye in 'n lugdigte houer in die ys- of vrieskas. Dit sal vir verskeie maande in die yskas gehou kan word en vir tot drie jaar in die vrieskas.

Droging in die oond

1. Voorverhit die oond tot 140 °F (60 °C). Dit behoort die heel laagste verstelling op jou oond te wees, want dit is noodsaaklik om die vye teen 'n lae, gelykmatige temperatuur te droog. As die oond warmer as dit gestel word, gaan die vye net gaar word. As jou oond nie so 'n lae temperatuurverstelling het nie, stel jou oond op sy laagste temperatuur en hou die oonddeur op 'n skrefie oop.
2. Spoel die ryp vye deeglik af. Spoel met koel water om vuilgeid te verwyder en druk droog met papierhanddoek. Sny ook alle merkies op die skil af.
3. Sny die vye middeldeer van stammetjie tot onderkant. As dit besonder groot vye is, sny in kwarte.
4. Plaas die vye onderstebo op 'n oondrak met ventilasiegaatjies sodat die vye van bo én onder kan

droog. 'n Gewone bakplaat sal veroorsaak dat die vye nie eweredig droog raak nie.

5. Plaas die vye vir tot 36 uur in die oond. Maak die oonddeur op 'n skrefie oop om stoom en vog te laat ontsnap en te sorg dat die vye nie té warm word en kook in plaas van uitdroog nie. Draai die vye gereeld tydens die droogproses.
6. Laat die vye heeltemal afkoel voordat jy dit in lugdigte houers of sakkies bêre.
7. Bêre die vye in 'n lugdigte houer in die ys- of vrieskas. Dit sal vir verskeie maande in die yskas gehou kan word en vir tot drie jaar in die vrieskas.

Droging in 'n droër of dehidreerder

1. Stel die dehidreerder op die vrugte-verstelling. As jou dehidreerder nie so 'n verstelling het nie, stel dit op 135 °F (57 °C).
2. Spoel die ryp vye deeglik af en sny in kwarte.
3. Plaas die vye met die skil na onder op die dehidreerder se rakkies. Laat ruimte tussen die vye sodat die lug tussendeur kan sirkuleer.
4. Dehidreer vir ses tot agt uur. Die hoeveelheid tyd sal afhang van die klimaat in jou area sowel as die grootte van die vye. As die vye droog is maar steeds buigbaar en taai wanneer jy dit kou, is dit gereed.
5. Verwyder die vrugte van die rakkies en laat heeltemal afkoel voordat dit in lugdigte houers of sakkies in die ys- of vrieskas gebêre word. Dit sal vir verskeie maande in die yskas gehou kan word en vir tot drie jaar in die vrieskas.



Bronne:

<https://dmylogi.ru/in-die-huis-en-in-die-tuin/43573-hoe-om-vye-te-groei.html>

<https://www.pressreader.com/>

<https://www.wikihow.com/Dry-Figs>



Lentedepressie is nié net jou verbeelding nie

Navorsing het onlangs getoon dat daar in die lentetyd 'n toename is in gevalle van selfmoord en dat daar baie meer mense aan lentedepressie ly as wat 'n mens vermoed. Sy maat is herfsdepressie wat ewe gereeld voorkom.

Hierdie seisoenale depressie met die wisseling van die seisoene word gekenmerk deur 'n beswaarde gemoed, 'n gebrek aan 'n gevoel van vreugde en 'n pessimistiese uitkyk op gebeure.

Hierdie gemoedsteurnis moet egter nie verwar word met depressie in die mediese sin waar die geestesongesteldheid deur biochemiese veranderinge in die menslike brein veroorsaak word en waar ernstige sowel as langdurige behandeling benodig word nie. By hierdie mense is seisoenale depressie nie so algemeen nie en in sulke gevalle is die hulp van 'n psigiater of psigoterapeut onontbeerlik. Die gebrek aan tydige behandeling van depressie in 'n persoon het vele ernstige gevolge.

Volgens statistieke kom lentedepressie meer by vroue as by mans voor, maar minder by baie aktiewe vroue as by vroue wat nié so aktief is nie. Hou egter in gedagte dat dit by vroue van alle ouderdomme voorkom.

Oorsake van lentedepressie

Een van die redes vir die toestand is die persoonlike reaksie van die individu op die gevolge van stresfaktore. In sommige gevalle is hierdie stresfaktore ernstige eksterne invloede: oorwerk by die werk, geestelike trauma of veranderinge in hormonale vlakke.

In ander gevalle word lentedepressie veroorsaak deur 'n kombinasie van redes, wat nie op sig self depressiewe toestande sou uitlok nie, maar almal saam skep 'n effek wanneer alles jou irriteer of ongelukkig maak.

Die oorsake van lentedepressie word toegeskryf aan die volgende faktore:

- 'n gebrek aan sonlig;
- 'n gebrek aan vars lug wat suurstofhonger veroorsaak en tot hipoksie lei;
- 'n gebrek aan spoorelemente en 'n aantal vitamienne;
- 'n sittende leefstyl wat lei tot hipodinamie, en die gebrek aan beweging en fisieke aktiwiteit veroorsaak die ontwikkeling van angedonie (die verlies van die vermoë om vreugde te ervaar);
- verswakking van immuniteit as gevolg van wanvoeding;
- hormonale veranderinge in die liggaam (elke ses maande, in lente en herfs, word die liggaam herbou vir 'n nuwe seisoen, warmer of kouer). Sonder gevolge slaag die herstrukturering van die liggaam nie – dit verswak. Die vroulike liggaam reageer meer sensitief op hormonale veranderinge as wat mans doen.

Simptome van lentedepressie by vroue

Vroue wag die hele winter vir lig en hitte, en met die koms van die lente is hulle nie gelukkig oor hul voorkoms nie, maar verval in hierdie vreemde bui. Moedeloosheid, moegheid, tranerigheid, hartseer, melancholies – dit is nog steeds 'n onvolledige lys van die sensasies wat vroue in die lente oorval. Met die aanvang van die lente word dit net draaglik vir sommige van die vroulike geslag, en hiervoor het vroue "objektiewe" redes. In die lente is die weer glad nie soos dit in die winter gelyk het nie. Haar gunstelingrok sit nie soos voor die winter nie. Sy is ontevrede met die toestand van haar vel. Sy voel sommer net dof en vaal en onaansienlik. Dis moeilik om soggens op te staan al sing die voëltjies hoe vrolik. Die verkeer irriteer haar en by die werk is al haar kollegas skielik idiote en die baas onregverdig.

Dit is hoe sy dinge ervaar en niks wat iemand kan sê of doen gaan haar mening verander nie. Sy is 'n slagoffer van lentedepressie.

Behandeling vir lentedepressie

Hierdie depressiewe toestand kan verskillende gedaantes aanneem. As die slegte of ongelukkige bui net vir 'n paar dae duur en die persoon ondervind net enkele van bogenoemde simptome, kan dit sonder behandeling gaan. Maar in ernstiger gevalle of wanneer die persoon dit nie alleen kan hanteer nie, is dit raadsaam om 'n dokter te spreek.

Die volgende aanbevelings sal help om ontslae te raak van lentedepressie:

- Bring daaglik tydens die buiteligheid deur.
- Doen enige vorm van oefening.
- Neem 'n vitamienaanvulling – vra vir jou dokter of apteker vir aanbevelings van sulke produkte.
- Volg 'n gebalanseerde dieet.
- Sorg dat jy goeie nagrus kry.
- Kommunikeer met jou gesin, vriende en familie.
- Dit is geregverdig om – binne jou begroting – die winkels storm te loop en inkopies te doen.

Die belangrikste ding om te onthou is dat lente- en herfsdepressie op die uiterste sal eindig wanneer die seisoen verander.

Voorkoming van lentedepressie

Voorkomende maatreëls teen lentedepressiewe toestande sluit die volgende aanbevelings in:

- Die insluiting in die dieet van voedsel wat die vorming van endorfiene bevorder: neut, piesangs en in klein hoeveelhede sjokolade. Ook nuttig is groente en vrugte wat die liggaam in die lente ontbreek;
- 'n volle vitamienkompleks wat by enige apteek aangekoop kan word;
- aromaterapie met essensiële olies soos patchouli, lemoen, jeneverbessies en kaneel;
- kruietee van kamille, maagwortel, afwykende pioen, valeriaan, meidoorn; en
- beweeg meer, waag meer en asem vars lug in.

Moenie genesing uit 'n onaangename toestand uitstel vir later nie. Jy kan vandag al begin ontslae raak van lentedepressie.

Bron: <https://af.seamonkeyworship.com/742-spring-depression.html>

Navorsing het onlangs getoon dat daar in die lentetyd 'n toename is in gevalle van selfmoord en dat daar baie meer mense aan lentedepressie ly as wat 'n mens vermoed. Sy maat is herfsdepressie wat ewe gereeld voorkom.

Voeg daarby 'n gevoel van angs, fisieke moegheid, slaaploosheid, apatie, probleme om te konsentreer, 'n gebrek om iets nuuts te leer of te doen, hoofpyne, 'n gebrek aan apyt of 'n toename in eetlus en negatiewe gedagtes, en jy het 'n teksboek-voorbeeld van 'n vrou wat aan lentedepressie ly.

Simptome van lentedepressie by mans

Mans is baie minder geneig om oor hul probleme te praat omdat hulle voel dat dit 'n bedreiging vir hul manlikheid inhou. Daarom gaan 'n toestand van lentedepressie dikwels by hul gesin en kollegas verby omdat hulle nie oplet dat daar 'n verskil in sy gedrag is nie.

Party wetenskaplikes glo dat lentedepressie by mans 'n afname in die hormoon testosteroon kan veroorsaak, wat geestelike welsyn en fisieke gesondheid beïnvloed. Benewens veranderinge in bui by mans, is daar ook 'n afname in geheue.

Die toestand manifesteer homself meer by ouer mans van tussen 55 en 60 jaar as by jonger mans. Dit word daarom ook nie net verbind met sielkundige probleme nie, maar ook met endokriene, as gevolg van die geleidelike afname in testosteroonproduksie op hierdie ouderdom.

Die algemeenste simptome van lentedepressie by mans is 'n gevoel van moegheid; traë bewegings, verstandelike prosesse en spraak; slaaploosheid; verandering in gewig; buik- of rugpyn; diarree; hoofpyn; probleme met spysvertering; prikkelbaarheid en verhoogde senuagtigheid; probleme met konsentrasie; negatiewe denke; aggressiwiteit; misbruik van alkohol of dwelms; erektele disfunksie en selfmoordgedagtes.

Lentedepressie by mans beïnvloed dikwels hul familieverhoudings, studie, loopbaan, voeding en slaap, sowel as hul algemene gesondheid.

UITNODIGING

Inligtingsdag

Die Toekoms van Landbou in Suid-Afrika

03 Oktober 2019

Siesta Gastehuis
Frankfort

**Toegang
GRATIS**

- 08:30 - 09:00** Registrasie
- 09:00 - 09:10** Opening en doel van die inligtingsdag
- 09:10 - 09:15** Verwelkoming
- 09:15 - 10:00** Toekomstige veranderinge in plaaslike en internasionale landbou
- 10:00 - 10:45** Die invloed van die Grondadviespaneel se aanbevelings op die toekoms van landbou
- 10:45 - 11:30** Noenontbyt
- 11:30 - 12:15** Wetlike omgewing van die landbou in SA van môre
- 12:15 - 13:00** Transformasie-inisiatiewe en die deelname van boere in ontwikkeling
- 13:00 - 13:45** Oorgenerasiewelvaart – familiebesighede en bemagtiging
- 13:45 - 14:00** Bedankings

04 Oktober 2019

Protea Hotel Ranch Resort
Polokwane

RSVP by 082 481 7666 met u naam, van, en watter dag u gaan bywoon.

Almal

Dr. Andries Radley
Landbou-ekoonom, VKB

Paul Carshagen,
Voorsitter VKB Groep

Dr. John Purchase
Uitvoerende hoof, Agbiz

Nick Serfontein
Voorsitter: Sernick Groep

Theo Boshoff
Hoof: Regs-intelligensie, Agbiz

Piet Potgieter
Bestuurder:
Ontwikkelende Landbou, VKB

Theo Vorster
Hoof- uitvoerende beampste, Galileo Capital

Dr. Andries Radley
Landbou-ekoonom, VKB

PROGRAM

Navrae:

Andries Radley 058 813 9900
Anelie Swemmer 082 481 7666





Cobus Stols is nuwe streeksbemarker



Cobus Stols is die nuutste toevoeging tot die bemarkingspan wat saam met André du Toit werk. Hy hanteer die area wat insluit Roosenekal, Lydenburg, Ohrigstad, Burgersfort, Hoedspruit, Machadodorp, Dullstroom, Hazyview, Sabie en omgewing. Dit is 'n groot area maar met baie potensiaal. Vir Cobus is sy grootste uitdaging om die boere

gelukkig te hou en vir hulle die beste diens te gee. Hy sal tevrede wees die dag as al die boere in sy gebied gelukkig is en volle vertroue in hom en in VKB het. Tot dan is dit skouer aan die wiel sit met ywer en entoesiasme.



Francois congratulates Chris on the new VKB Foods.

Warmbad-wenners



Dwayne Kloppers ontvang die yskas van Adriaan van der Colff wat hy in 'n gelukstrekking tydens die opening van die nuwe winkel gewen het.



Jacques en Karolien Steyn, verteenwoordigers van 'n plaaslike laerskool, ontvang die hemde van Fanie Lombard wat deur VKB geborg is.

VKB Foods open at Mookgopong

Hundreds of residents of Mookgopong welcome the opening of the new VKB Foods in the town. This shop is ideally located on the way to the township as well as other informal settlements of Mookgopong. Chris van der Merwe and Francois Froneman recently cut the ribbon to indicate that business is now open to all. In this shop people can buy daily essentials such as maize meal and chicken. Gone are the days of carrying the groceries all the way from the center of town. Now they can stop on their way home and save time and effort. This is a service to the people of Mookgopong because VKB cares.

Totsiens, Annalize van Warmbad

Ná 38 jaar en ses maande het Annalize Taljaard NTK onlangs gegroet. Sy is met welverdiende pensioen. Annalize het diep spore in NTK Warmbad getrap. Sy het op 1 September 1980 daar begin werk en saam met die tak gegroei en ontwikkel. Annalize het baie veranderinge deurleef, baie bestuurders en kollegas sien kom en gaan. Sy het self verskeie bevorderings ontvang.



Fanie groet Annalize

Mini expo at Steilloop

Hendrik Mohale won the Quantum Leap Award in the Retail Department for the previous year. This only encourages him to do even more to achieve better results. That is why he held a mini expo at Steilloop.

It was a great day with the following suppliers that got involved: Afrivet, MSD, Protek, Agrinet, Stark Ayres, Auto X (Willard), Meadow as well as the Department of Agriculture. Farmers attended the day and were very appreciative of the information they received from participating suppliers. The farmers are hungry for more knowledge on farming and especially animal health.



Marcia spreek VLU toe

Die VLU lê nog altyd NTK na aan die hart. Maar die gevoel is beslis wederkerig, daarom het die VLU Marcia Froneman gevra om hulle toe te spreek oor 'n relevante onderwerp. Sy het oor die gevare van bedrog en tegnologiese skelmstreke gepraat en dit het aanklank by die dames gevind. Sy het ook geskenksakkies van NTK aan die dames uitgedeel. Hulle was gaande daarvoor. NTK en VLU gee om vir die produsente van die land.



Die dames met hul toisels en sakkies.

Francois Froneman groet Limpopo

(Foto's: Lelanie van der Walt)

Ná afloop van 'n handelsvergadering by Klein Kariba, het die silobestuurder en ander NTK-personeel saamgekom om Francois Froneman te groet. Dit was nie 'n afskeid nie, aangesien hy steeds in die groep is, maar nou net in 'n ander hoedanigheid op Reitz. NTK het hom die beste vir die toekoms toegewens. Francois het 'n inspirerende groetboodskap gelever.



Francois en Marcia Froneman groet Limpopo om hul weer in die Vrystaat te vestig.

Polokwane: Bigger and better than ever

When have you last paid a visit to NTK/VKB Polokwane branch? If it is more than a year ago, chances are you might think you are in the wrong store. It has changed completely and is now much bigger and better than ever. The personnel of the branch call it 'VKB Mall' or even 'Mall of the North'. And in the shop you will find everything you need ... and so much more! The branch recently had the ceremonial opening of the bigger store although they were never closed for business.



Die nuwe tak is hulle toedoen: Wynand Benadie, Francois Froneman en Christoff Smit tydens die opening.

Francois Loots nou in Limpopo



Francois Loots het geen bekendstelling in die Vrystaat nodig nie. Hy was sedert 2016 hoof van Handel in die Vrystaat. Hy het egter onlangs oorgeskuif Limpopo toe waar Handel en Fuels onder sy bekwame leiding sal sorteer. Vir Francois is kliëntediens ononderhandelbaar maar netheid en administratiewe uitmuntendheid is eweneens belangrik. Hy stel graag doelwitte wat nie net behaal moet word nie, maar eerder oorskry moet word. Personeelontwikkeling en groei binne die onderneming is die sleutel tot sukses.



The winning team of Polokwane.



Fanie Marx – Transmissiebemarking

Fanie Marx is op 6 Mei aangestel as transmissiebemarker in Limpopo. Dit behels die verkoop van onderdele soos laers, kettings, belde, katrolle en dies meer.



Meganisasie gee erkenning

deur Ina du Preez

Meganisasie gee jaarliks toekennings aan personeel wat gedurende die jaar presteer. Hierdie toekennings is onlangs weer gedoen. Nico van der Walt, uitvoerende hoof: Meganisasie, en Boy du Preez, tegniese bestuurder, het die toekennings aan die personeel oorhandig. Die volgende personeel word hartlik gelukgewens met hul prestasies:

TOP-WERKTUIGKUNDIGES 2018

Goud – Berrie Marais, Reitz-werkswinkel
Silwer – Hannes Viljoen, Petrus Steyn-werkswinkel
Brons – David Blom, Frankfort-werkswinkel

WERKSWINKEL 2018

Wenner: Frankfort-werkswinkel

ONDERDELE-BEMARKER 2018

Wenner: Tessa Els – Delmas Onderdele

WINSGEWENDSTE TAK 2018

Wenner: Frankfort Onderdele – Eduan Keller, onderdelebestuurder

BESTE ADMIN 2018

Wenner: Isobel Boucher – Meg Petrus Steyn

HEELGOEDEREBEMARKER 2018

Wenner: Johan Van Zyl – heelgoederebemarkers Frankfort/Villiers

WILD CARDS

Hierdie is die personeel wat die grootste impak of verandering gemaak het in sy/haar afdeling (ons nuwe diamante!):

Lood Riekert – Warmbad Meganisasie
Sakkie Heystek – Louis Trichardt Meg
Cilma Erasmus – Reitz Meg
Divan Putter – Vrede Meg
Theo Roux – Bethlehem Meg



Johan van Zyl, heelgoederebemarkers Frankfort/Villiers ontvang die toekening as Bemarkers van die Jaar van Nico van der Walt.



Berrie Marais, Reitz, top-werktuigkundige



David Blom, Frankfort (brons, werktuigkundige) saam met Boy du Preez



Wingsgewendste tak: Frankfort Onderdele: Eduan Keller saam met Nico van der Walt



Isobel Boucher, Petrus Steyn: onderdelebeemarkers



Werkswinkel van die Jaar: Frankfort

VKB Landbou (Edms.) Bpk. - Gebruikte **Goedere**



Case MXU 130
2006-model
3*, 4 800 ure, bande 70%
Theo Roux
R275 000 + BTW



John Deere 8345R
2012-model
Autopilot, 3 700 ure
Theo Roux
R2 250 000 + BTW



JS2113CS No-till planter
8 ry 0.76 + spuit
JD Computrack 350 monitor
Johan van Zyl
R395 000 + BTW



Kronos 10 ton Strooier
Demo-model

Johan van Zyl
R265 000 + BTW



John Deere 9670 Stroper
2010-model, 5*, 4 473 rotor ure
7 318 ure, JD monitor en reciever
Johan van Zyl
R945 000 + BTW



Krone Fortima Baler
So goed soos nuut 2019-model

Nico van der Walt
R450 000 + BTW



Rovic 12 ton Strooier + sif
Demo-model
50ha
Johan van Zyl
R328 000 + BTW



Case 3230 Flex Spuit
2019 demo-model + waarborg

Coenrad Bruwer
R3 250 000 + BTW



Case Steiger 550
2015-model
500 ure
Theo Roux
R4 050 000 + BTW



Case Farmall 140A
2013-model
4 052 ure
Jaco Els
R465 000 + BTW



New Holland 8030 4WD
2009-model

Johan van Zyl
R265 000 + BTW



New Holland T8.360
Autopilot, 2014-model
6 200 ure
Nico van der Walt
R1 150 000 + BTW



Landini 7.210 CAB
2014-model
3 120 ure
Theo Roux
R765 000 + BTW



John Deere 608 Plukkerskop 0.91
5-ster toestand

Nico van der Walt
R265 000 + BTW



John Deere 606
Drie-voet-tafel met karretjie

Nico van der Walt
R298 000 + BTW



Jacto Vortex Spuit
Baie mooi toestand

Johan van Zyl
R235 000 + BTW



John Deere 2115
Geenbewerkingplanter met fande en koulters, 15 rye,
Elctro Lee-monitor
Theo Roux
R780 000 + BTW



John Deere 52725HC ROP
2013-model
1 800 ure
Theo Roux
R382 000 + BTW

Kontakbesonderhede

Coenrad Bruwer
083 255 6223
Reitz

Jaco de Wet
083 626 6348
Tzaneen

Gerrie Lindeque
082 907 7492
Delmas

Gareth Spaumer
082 804 6773
Louis Trichardt

Jaco Els
076 284 5171
Pietersburg

VKB Landbou (Edms.) Bpk. - Gebruikte **Goedere**



John Deere 6420 4WD
2002-model

Johan van Zyl
R185 000 + BTW



Lexion 760 Terra Track
2014-model

3 064 ure
Johan van Zyl
R2 450 000 + BTW



Case 310

2006-model
7 800 ure
Johan van Zyl
R865 000 + BTW



Case Skidsteer SR200

2015-model
Enjin volledig oorgedoen, nuwe bande
Johan van der Nest
R305 421 + BTW



Case Magnum 225

2008-model
Johan van der Nest
R750 000 + BTW



John Deere 1720 Planter

12 ry
0,76 m rywydte met Row Command
Johan van Zyl
R720 000 + BTW



John Deere 6430HCCAB

2011-model
Premium CAD GPS ready
Nico van der Walt
R450 000 + BTW



Puma 210

2017-model
3 707 ure
Nico van der Walt
R980 000 + BTW



Case 310

2010-model
Johan van Zyl
R825 000 + BTW



Case TLB 750 ST

2019 demo-model
81 ure
Jaco Els
R895 000 + BTW



John Deere 1750 Planter

Vloeibaar net vir sojas
Johan van Zyl
R160 000 + BTW



Equalizer SL-12 3ft

2017-model
Vloeibaar Kunsmis, V-drive + 2020 skerm
Theo Roux
R1 400 000 + BTW



Rovic DLB 12 21t

3*
Met rollers
Phil Britz
R265 000 + BTW



Disk Seerder Equalizer 15m

2015-model
Monitor Electro Lee
Theo Roux
R1 500 000 + BTW



Case 2388 Stroper

Rotor-ure 4 890, enjin-ure 5 100
Pro 700-skerm
Johan van der Nest
R850 000 + BTW



Landini Landforce 125

2014-model
3*, 4 800 ure, bande 70%
Theo Roux
R375 000 + BTW



New Holland ENG 1268

2010-model
Rotor-ure 1 043
Johan van Zyl
R2 350 000 + BTW



Claas Celtis 436

2011-model
2*, bande 50%
Johan van Zyl
R70 000 + BTW



Case Maxxum 125 ROP

2013-model
16x16-ratkas, 3 999 ure
Bertie Mienie
R515 000 + BTW

Kontakbesonderhede

Johan van Zyl
084 245 0576
Frankfort

Nico van der Walt
082 494 8907
Reitz

Phil Britz
060 636 6258
Vrede

Johann van der Nest
082 878 2736
Warden

Bertie Mienie
082 927 8214
Warmbad

Theo Roux
082 818 9705
Bethlehem



Ons het die afgelope 50 jaar 'n paar dinge oor groei geleer.

Total het die afgelope vyf dekades sterk op die landbousektor gefokus. Gedurende hierdie tyd het ons hard gewerk om innoverende, kliëntgesentreerde oplossings te ontwikkel wat daarop gemik is om groei in die sektor te bevorder, deur ons boere te ondersteun met die baanbreker-produkte en kundige advies wat hulle nodig het.



TOTAL

Committed to Better Energy